

**VOORSKRIF
OP
VOORSKRIF**

Vriend van die Getroue God

‘n Studie oor Abraham

Genesis Deel 3

LEIERGIDS

ERKENNINGS

Met graagte gee Precept Ministries (SA) erkenning aan Frans Geldenhuys vir die vertaling van hierdie uitgawe, asook aan Sam Brookes vir die redigering daarvan.

GENESIS DEEL 3 LEIERGIDS

*Vriend van die Getroue God
'n Studie oor Abraham*

© Alle regte voorbehou. Hierdie materiaal word gepubliseer deur Precept Ministries of Reach Out, Inc. of Chattanooga, Tennessee. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige ander vorm geberg of versend word nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer.

© Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid Afrika.

1^e Uitgawe

Gedruk in Suid-Afrika
Maart 2016

Gedruk deur:

**Precept Ministries (SA)
Posbus 539
Howard Place
7450
Suid-Afrika**

Tel/Faks: (021) 531-1836

ERKENNINGS

Met graagte gee Precept Ministries (SA) erkenning aan Frans Geldenhuys vir die vertaling van hierdie uitgawe, asook aan Sam Brookes vir die redigering daarvan.

DIE DOEL VAN LEIERGIDSE

Met hierdie leiergidse word beoog om u, die leier, te help met die beplanning van u besprekings. Dit word ontwerp om u te help redeneer deur die teologie van lesse en om te verseker dat u verstaan wat die student behoort te leer met die afhandeling van hul huiswerk. Leiergidse word nie ontwerp om u huiswerk vir u te doen nie! Raadpleeg dit asseblief nadat u u taak as student voltooi het.

Hierdie gidse kan u help in die voorbereiding van die lesplanne wat u wil gebruik as u die besprekings lei. Dis nie die enigste manier vir die lei van u bespreking van die Skrifte nie, maar dis één manier waarop u die materiaal kan benader.

Week asseblief u tyd van voorbereiding in gebed. Die Heilige Gees moet u gids wees as u beplan om hierdie besprekings te lei. Soos u op Godswoord fokus, sal die Gees die Woord gebruik om op watter manier dit ookal nodig is, in elke individu se hart te werk - oortuiging, lering, vertroosting, vermaning, ens.

Onthou: leer word verbeter as u studente aangemoedig word om te verbaliseer wat hulle geleer het. Die stel van vrae sal hulle help om die Skrifdele wat hulle bestudeer het, te beredeneer. Vra die 5 W's en H-tipe vrae (Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom en Hoe). Hierdie soort vrae vereis die redenering van die student en vra meer as net 'n ja- of nee-antwoord.

Visuele hulpmiddels kan 'n geweldige bate wees vir u studente om die Skrifdele te beredeneer en u moet alles aanwend om die een of ander visuele hulpmiddel in u besprekings in te sluit. Hierdie besprekingsgidse gee u enkele idees van visuele hulpmiddeltabelle, maar voel asseblief vry om aan te pas, te verander of om selfs hierdie te vervang met u eie idees.

GENESIS, DEEL 3

LEIERGIDS

LES 1

Hierdie les fokus op God se roeping van Abram in Genesis 11:24 – 14:24. Daarom moet dit ook die fokus vir die bespreking van hierdie huiswerk. Die leiergids sal, in die bespreking van hierdie roeping, twee aspekte van die les beklemtoon: God se openbaring aan Abram en Abram se aanbidding van God. Daar is 'n tabel aan die einde van dié les wat u kan gebruik om die hoofpunte van elkeen van hierdie onderwerpe aan te teken. Maar u moet asseblief nie dink dat u hierdie tabel hóéf te gebruik nie; u kan u eie visuele hulpmiddel ontwerp.

Onthou: die beginsel vir die gebruik van tabelle is om u studente 'n idee te gee om die hoofpunte van die les aan te teken, om u bespreking op die regte koers te hou en om u te help met die oorsig. U moet nie dink dat ons bedoel u moet elke ding wat op enige van hierdie tabelle is, na u visuele hulpmiddel oordra nie. Ons doel is om u, die leier, te help met visuele hulp vir die bespreking. Hoe u hierdie hulp gebruik, hang van ú af.

BAIE BELANGRIK: As 'n Precept-leier het u die toestemming om transparante te maak van die kaarte en stambome wat in hierdie kursus ingesluit is om te gebruik terwyl u die besprekings lei.

In die les word genoem dat daar bladsye ingesluit word om 'n “Joernaal oor God” te hou. 'n Manier om dit by u besprekingstyd in te sluit, is om 'n lys op 'n transparant te begin en dan elke week by te voeg óf om elke week 'n ekstra kolom op die bord te hê waar nuwe ontdekte dinge omtrent God neergeskryf kan word. As u dit doen, kan u u studente aanmoedig om die lys by u te hou en dan kan daar elke week by hul “klasjoernaal” oor God bygevoeg word.

U kan begin om die konteks te bespreek van waar en hoe hierdie hoofstukke inpas by die boek Genesis. Genesis 11:27 sê: “En dit is die stamboom van Tera.” Sulke stellings gee die hoof-onderafdelings van die Boek Genesis. U kan u studente vra wat hulle geleer uit die Skrifdele wat hierdie frase gebruik.

Die volgende is die geskiedenis/stamboom van:

2:4	Die hemel en die aarde
5:1	Adam
6:9	Noag
10:1	Sem, Gam en Jafet
11:10	Sem
11:27	Tera

Genesis 11:27-32

U kan die inligting van hierdie verse bespreek deur gebruik te maak van 'n transparant van die stamboom wat by die Bylae van die Precept-studieboek ingesluit is. U kan gou die familienaam by hierdie gedeelte inskryf soos u klas dit opnoem. As daar bykomende inligting omtrent 'n persoon is, laat u studente ook hierdie feite gee. U wil seker maak dat

feite ingesluit word soos: van Haran, die vader van Lot, wat in Ur gesterf het; van Sarai wat onvrugbaar was; van watter familielede saam met Tera uit Ur na Kanaän getrek het en van Tera wat in Haran gesterf het. Hierdie feite sal van hulp wees soos u met dié studie vorder.

U kan nou u studente vra om bykomende insigte te noem wat hulle verkry het deur die kruisverwysings van Jesaja, Hebreërs en Handeling na te slaan.

Abram is gebore in Ur van die Chaldeërs. Jesaja 51:1, 2 sê dat Abram nog 'n "eenling" (enkeling) was toe God hom geroep het. God het Abram geroep toe hy geen kinders gehad het nie. Hy het hom daarna geseën en vermenigvuldig.

Hebreërs 11:8 sê vir ons dat, toe God Abram geroep het, hy gehoorsaam het deur uit Ur te trek sonder om te weet waar hy sou kom. Genesis 11 sê dat Abram en Sarai, saam met Tera en Lot, uit Ur getrek en in Haran gaan woon het.

Handeling 7:1-5 is 'n deel van Stéfanus se preek voor die Sanhedrin of Raad. Hierdie verse sê toe Abram nog in Mesopotamië was voordat hy in Haran gewoon het, het die God van die heerlijkheid aan hom verskyn. God het hom toe aangesê om uit sy lang Ur en sy familie te trek en te gaan na die land wat Hy hom sou wys. Abraham het daarop uit Ur getrek en in Haran gaan woon. Ná sy vader se dood het God hom daarvandaan laat trek na Kanaän of Israel soos die land genoem is tydens die skryf van Handeling.

Help u studente om hierdie gebeure te beredeneer om die gegewe volgorde daarvan in die kruisverwysings te verstaan. Genesis vertel ons nie alles wat gebeur het nie. Maar God het die Nuwe Testament-skrywers geïnspireer om meer inligting omtrent sekere dinge te gee.

WAARSKUWING: Dit is belangrik dat u die inligting van u stúdentte verkry. En moenie in die strik trap deur vir hulle alle te sê wat u weet nie. Die inligting in hierdie gids is om ú te help bepaal of u die bedoeling van die les verstaan het en om te kyk wat nodig is om u studente so ver moontlik te laat deelneem. Dit is beter dat hulle dit, al is dit min, sal meedeel wat hulle weet as om vir hulle alles van ú studie net te vertel.

U kan 'n transparant van 'n kaart in die Bylae gebruik om die roete van Abram na Kanaän te wys. Hy het klaarblyklik die loop van die Eufraatrivier gevolg tot so ver as Haran. Sou hulle direk na Kanaän getrek het, sou hulle oor die woestyn moes getrek het.

Genesis 12

Genesis 12:1 sáám met Handeling 7:2 se "voordat hy in Haran gewoon het" dui daarop dat God hierdie opdrag al voorheen in Ur kon gegee het. Daar is ook die verwysing in vers 1 wat sê dat Abram uit "jou land" moes trek wat heel waarskynlik Ur is en nie Haran nie. Wees versigtig dat u nie dogmaties word oor wánnere God hierdie eerste drie verse aan Abram gesê het nie.

Aangesien vers 4 sê dat Abram weggetrek het uit Haran (vergelyk vers 5: "wat hulle in **Haran** verwerp het") "soos die **HERE** hom gesê het," wil dit voorkom asof dit 'n verwysing is na God wat met hom in HÁran gepraat het. Dit kan wees dat God verse 1-3 al voorheen in Ur aan hom gesê het en dit toe net weer aan hom in Haran herhaal het.

Vra u klas wat God aan Abram in hierdie roeping volgens verse 1-3 beveel en belowe het.

Abram moet uit sy land en sy familie en uit sy vaderhuis gaan. Hy moet gaan na die land wat God hom sal wys.

God belowe hom dat Hy hom 'n groot nasie sal maak; hom sal seën en sy naam sal groot maak. Bring dit in verband met wat u omtrent Sarai in 11:30 te wete gekom het. Sy was onvrugbaar.

Wat belowe God in vers 3? Waarna word hier verwys? Wanneer sal dit wees? Dit sal in latere lesse breedvoeriger bestudeer word, maar u moet u studente help om nou al daaraan te dink.

God sê dat Hy hulle wat Abram seën, sal seën. En dat Hy hom wat Abram vervloek, sal vervloek. Dink aan die lande in die verlede wat die nageslag van Abraham, die Jode, Israel, teengestaan het. Assirië, Babilonië, Rome en ander het Israel – so te sê – vervloek. Hulle bestaan vandag nie meer nie of hulle is nou nie sterk nasies nie.

Die seën van al die geslagte van die aarde deur Abram dui op 'n belofte omtrent die Messias, Jesus Christus. Abraham is sy voorvader. God het Abram baie meer belowe as om net sy naam groot te maak tydens sy eie lewe.

Wat gebeur in verse 4-8?

Abram gehoorsaam God en verlaat Haran toe hy 75 jaar oud is. Hy neem Sarai en Lot met hom saam en alles wat hulle in Haran bymekaar gemaak het.

LET WEL: Sommige mense meen dat Abram ongehoorsaam was omdat hy Lot saamgeneem het. Andere glo dat hy bloot familie-verpligtinge nagekom het omdat Lot se vader Haran gesterf het (Gen. 11:28). Wees versigtig om hier veronderstellings te maak.

Abram trek tot by Sigem in Kanaän, die huidige Israel, waar God aan hom verskyn. God voeg nog iets by die belofte wat Hy voorheen aan Abram gemaak het naamlik dat Hy hierdie land aan sy nageslag sal gee.

U kan u studente vra wat Abram se reaksie teenoor God was.

Vers 7 sê dat hy 'n altaar vir die HERE gebou het. Anders as Abram se navolging van God vanaf Ur tot in Kanaän is hierdie eerste daad van aanbidding wat omtrent sy lewe aangeteken is.

Vanaf Sigem trek Abram na die berge oos van Bet-el, tussen Bet-el en Ai. Daar bou hy ook 'n altaar vir die HERE en roep die Naam van die HERE aan. Dis die tweede altaar en die eerste keer dat hy die Naam van die HERE aanroep.

Moontlik beteken die aanroep van die Naam van die HERE die erkenning van die karakter van God – van wie God is. God was getrou en lei Abram na die land waarheen Hy hom geroep het. Dit kan die rede wees waarom hy die altare gebou en die Naam van die HERE aangeroep het.

U kan hier 'n tydjie afstaan en u groep help om hierdie selfde beginsels te deurdink naamlik hoe dit betrekking het op hul eie lewens vandag. In ons navolging van God – stop

ons en aanbid ons Hom? Of wil te veel mense vandag net God se seëninge in hul lewens hê sonder om Hom werklik te volg en te aanbid en Hom te leer ken wie Hy is?

Vers 9 sê dat Abram na die Suidland (vandag: Negev) getrek het. Indien moontlik, wys u studente waarvandaan hy gekom het en waar hy toe was. U kan 'n transparant maak van 'n kaart wat u vind in die Bylae van die werkboek.

Verse 10-20 is die weergawe van Abram se verblyf in Egipte. Vra u klas uit oor die hoofgebeure van hierdie reis na Egipte.

Hy is soontoe omrede hongersnood in die land Kanaän. Hy vra Sarai, wat baie mooi is, om te sê dat sy suster is in plaas van sy vrou.

LET WEL: Volgens Genesis 17:17 is Sarai tien jaar jonger as Abram. Dit beteken dat sy 65 jaar oud was in Genesis 12, want Abram was 75. Ook sê Genesis 20:12 dat Tera Sarai en Abram se vader was, maar dat hulle verskillende moeders gehad het. Dit kan vir u as leier tot hulp wees om van hierdie feite bewus te wees, want daar kan studente wees wat dit in die klas gaan opper.

Die Egiptenaars let toe wel op dat Sarai mooi is en sy word na Faraos se paleis geneem. Hy behandel Abram, haar broer, goed en gee vir hom vee en slawe en baie goed om haar ontwil.

Farao het haar as "vrou geneem" kan moontlik beteken dat hy haar fisies geneem het. God het Abram se lewe beskerm en hy het nie sy vrou permanent aan Farao afgestaan nie.

God stuur ter wille van Sarai plaas oor Faraos se huis en as gevolg hiervan ontdek hy dat sy Abram se vrou is en stuur hulle weg.

Staan 'n tydjie af en bespreek wat u groep omtrent Abram uit hierdie relaas geleer het. U kan hulle help verstaan dat hy sekere vrese gehad het, net soos ons vandag het. Het God toe maar net gesê dat dit jammer is en dat Hy iemand anders sal vind om te seën?

Hierdie weergawe wys ons dat God lankmoedig is. Sy geduld word daarin gesien dat Abram leer om Hom al meer te vertrou.

Genesis 13

Abram, Sarai, Lot en hul geselskap het na die Suidland in Kanaän, na die altaar tussen Bet-el en Ai teruggegaan. U kan ook hier 'n kaart gebruik. Wat het hier gebeur.

Abram roep weer die Naam van die Here aan. God het nie toegelaat dat hy, soos hy gevrees het, gedood word nie. hy gevrees het, gedood word nie. God het reeds 'n belofte aan hom gemaak dat Hy hom sou seën. God het Faraos met plaas besoek toe hy Sarai geneem het. God se bedoeling was dat sy belofte nie net deur Abram nie, maar ook deur haar in vervulling sou gaan. Wanneer God belowe, dan gebeur dit.

Verse 5-13 verhaal die skeiding van Lot en Abram.

Abram en Lot het te veel besittings om saam in die land te woon. Die veewagters stry met mekaar en daarom trek hulle van mekaar af weg.

Lot kies die Jordaanvallei en trek ooswaarts en Abram vestig hom in die land Kanaän.

LET WEL: Moenie hier te veel tyd aan Lot afstaan nie, want daar is later in hierdie kursus 'n les wat alles oor hom handel. Mense word maklik meegevoer en kan oor Lot spekuleer. Moet daarom nie u groep die geleentheid gee nie. Hulle sal hom later bestudeer.

Volgens Genesis 12:1 en Handeling 7:3 sê God vir Abram om uit sy land en uit sy familie weg te trek. God het hierdie geleentheid gebruik om Abram van sy enigste bloedverwant wat nog by hom was, te skei. Nadat hierdie skeiding plaasgevind het, wat gebeur in verse 14-18?

God praat weer met Abram. Hy sê vir hom om die hele land om hom te bekijk, want die land wat hy sien, sal Hy aan hom en sy nageslag tot in ewigheid gee.

Iets nuuts word by die belofte gevoeg – tot in ewigheid. Hierdie land is sy nageslag s'n vir ewig. 'n Tweede nuwe byvoeging is: God sal hulle vermeerder soos die stof.

God sê ook vir Abram om die land te besigtig.

Abram verskuif toe sy tent en gaan woon by terpentynbome van Mamre in Hebron waar hy vir die HERE 'n altaar bou.

U kan miskien vra of enigeen onlangs nuus van Hebron gehoor of gelees het. Aan wie het God vir altyd hierdie land gegee?

Elke keer as God met Abram gepraat het, het hy op een of ander manier gereageer. Miskien nie altyd volkome reg nie, maar Abram het toenemend God se leiding gevolg.

Genesis 14

Vra u studente uit oor die hoofgebeure in hierdie hoofstuk.

Die konings van die ooste maak oorlog teen die konings van Lot se omgewing. Lot word as gevangene weggevoer, maar Abram en sy bondgenote gaan bevry hom.

Daarna ontmoet die koning van Sodom Abram wat hom gehelp het.

'n Ander koning, Melgisédek, die koning van Salem, 'n priester van God, die Allerhoogste, bring brood en wyn.

Hy seën Abram; Abram gee hom 'n tiende van alles.

Vrae sal nou ontstaan oor wie hierdie koning van Salem was. Kry 'n beskrywing van u groep deur vrae oor Melgisédék aan hulle te stel.

Melgisédék beteken koning van geregtigheid, volgens Hebreërs 7:2.

Salem beteken vrede. Hy was dus die koning van vrede.

Hy was die priester van God, die Allerhoogste.

Psalm 110:4; Hebreërs 5:5, 6 en 6:20 spreek almal van Jesus wat priester vir ewig is volgens die orde van Melgisédék.

Hebreërs 7 sê ook dat hy sonder vader, moeder, geslagsregister, sonder begin of einde was.

Hy is gelykgestel aan die Seun van God en bly altyddeur priester.

Volgens hierdie beskrywing kom dit voor asof Melgisédék dalk 'n teofanie kan wees, 'n vóór-die-vleesgeworde verskyning van die Seun van God.

Dink daaroor na dat Abram hom 'n tiende van alles gegee het.

LET WEL: Wees versigtig vir 'n té lange bespreking of Melgisédék 'n teofanie was of nie. Dit kan juis hier gebeur waar die bespreking kan afdwaal van sy punt af en 'n ander koers kan inslaan.

Waarom gaan ons in op hierdie koning van Salem? Wat het Melgisédék te maak met Abram, God se openbaring aan hom en sy aanbidding van God?

In Genesis 14:19, 20 verwys Melgisédék na God as “God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.” “God, die Allerhoogste” is El Elyon, die Naam wat met die soewereiniteit van God verbind word. Abram het oor en oor gesien dat God soewerein is, en dat sy planne nie gedwarsboom kan word nie.

Hy het ook Abram daaraan herinner dat hy deur Gód sy vyande oorwin het.

Vers 22 is die laaste vermelding van Abram wat voor God spreek in die hoofstukke bestudeer in die hierdie les.

Hy noem die HERE “God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.”

Hy erken dat God hom die oorwinning gegee het en dat hy alles geskep het.

Vers 23 meld dat Abram niks van die koning van Sodom wou neem nie sodat hy nie kon sê dat hy Abram ryk gemaak het nie.

U kan u bespreking afsluit met 'n oorsig van die twee hoofgedagtes in hierdie les.

God roep Abram om sy land en familie te verlaat en te gaan na 'n land wat God hom sal wys.

Hy gehoorsaam: hy trek eers na Haran en toe na Kanaän.

God belowe om hom 'n groot nasie te maak en dat in hom alle geslagte van die aarde geseën sal word. Maar op 75 is hy nog kinderloos.

God belowe verder na sy aankoms by Sigem in Kanaän dat Hy daardie land aan sy nageslag sal gee. Hy is steeds kinderloos, maar bou daar 'n altaar vir die HERE.

Abram slaan sy tent op tussen Bet-el en Ai. Hy bou daar nog 'n altaar en roep die Naam van die HERE aan. God was getrou en het hom na die land gebring soos hy belowe het.

Abram ervaar God se beskerming in Egipte en gaan terug na Kanaän waar hy en Lot uit mekaar gaan.

Toe voeg God tot die belofte by – die land vir ewig vir sy nageslag wat baie soos die stof van die aarde sal wees. Abram is nog steeds kinderloos, maar hy bou 'n altaar by die terpentynbome van Mamre in Hebron.

God seën weer Abram deur wat Melgisédek vir hom sê. Hy maak iets van wat God vir Abram is, bekend – God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde; wat Abram se vyande in sy hand gegee het. Hy is nog steeds kinderloos, maar erken dat God sy belofte aan hom gehou het. Hy spreek van God as die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.

Waarlik, die Skepper van hemel en aarde, God, die Allerhoogste, sal die res van sy belofte vervul.

God het nie dadelik alles vir Abram gesê nie, maar wel in 'n toenemende mate. Ons het vandag die hele Woord van God en Hy het ons dadelik alles gesê wat Hy wil hê ons moet weet. Maar Hy lei ons toenemend in die ontdekking van dié waarheid vanuit sy Woord deur die een waarheid na die ander te openbaar.

Moedig u studente aan om aan te hou studeer om te sien God openbaar die waarheid aan hulle deur Sy Woord en Heilige Gees.

En God roep steeds mens na Hom toe. Dit kan vir sommige lank neem om na Hom te kom, maar sy tyd is volmaak.

Abram het nie aan die begin al die waarheid omtrent God raakgesien nie. Hy het in sy kennis van God en in sy geloof om God te volg, in wat God gesê het – gegroei.

Ons weet Abram was nie volmaak in sy navolging van God nie, maar hy was nie stagnant nie. Hy was progressief. Hy het al nader aan God beweeg.

In die volgende weke sal u die toets wat sy geloof tot die uiterste beproef het, bestudeer. Maar God het dit nie van hom in die begin verlang nie; dit was nadat hy geleer het wie God is en hoe Hy sy Woord, sy beloftes, hou.

GOD SE ROEPING VAN ABRAHAM	
God se Openbaring aan Abram	Abram se aanbidding van God
<p><u>Handelinge 7:2-4</u> <i>God van die heerlikheid verskyn aan Abram in Mesopotamië, voor Haran</i> “Trek uit jou land en uit jou familie en kom na die land wat Ek jou sal wys.” Hy trek weg en woon in Haran <i>Ná die dood van sy vader, laat God hom verhuis na Kanaän</i></p> <p><u>Genesis 12:1-6</u> Gaan uit jou vader se huis Ek sal jou 'n groot nasie maak jou seën jou naam groot maak Jy (sal) 'n seën wees Ek sal seën diegene wat jou seën; hom vervloek wat jou vervloek In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word Abram was 75 jaar oud toe hy Haran vir Kanaän verlaat het</p> <p><u>Genesis 12:7</u> <i>Ná sy aankoms in Sigem</i> Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee</p> <p><u>Genesis 13:14-17</u> <i>Ná Lot van hom geskei het</i> Die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag <u>tot in ewigheid</u> Ek sal jou nageslag <u>so baie</u> maak soos die stof van die aarde</p>	<p><u>Genesis 12:7</u> <i>Ná die HERE se verskyning in Sigem</i> Bou 'n altaar vir die HERE</p> <p><u>Genesis 12:8</u> Bou 'n altaar vir die HERE tussen Bet-el en Ai Roep die Naam van die HERE aan</p> <p><u>Genesis 13:1-4</u> <i>Ná Egipte</i> Roep die Naam van die HERE aan by die altaar tussen Bet-el en Ai</p> <p><u>Genesis 13:18</u> <i>Ná Lot van hom geskei het</i> Bou 'n altaar vir die HERE in Hebron by die terpentynbome van Mamre</p> <p><u>Genesis 14:20-22</u> <i>Ná Melgisédek hom geseën het</i> Gee Melgisédek 'n tiende van alles Noem die HERE “God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde”</p>

GENESIS, DEEL 3

LEIERGIDS

LES 2

Die brandpunt van hierdie les is die drie verbonde soos bestudeer in die huiswerk: die Abraham Verbond, die Wet (Ou Testament) en die Nuwe Verbond van redding. 'n Logiese orde vir hierdie les is om Genesis 15 te bespreek, daarna die kruisverwysings en dan Galasiërs 3.

Die hoofpunte van die beloftes wat God aan Abram (Abraham) gemaak het, is: 'n nageslag (die nasie van Israel), die Saad (Christus) en die ewige besit van die land. Die Wet is vanweë sonde gegee om die mense na Christus te lei deur hulle te toon dat hulle nie God se standaard van geregtigheid kan handhaaf nie. Die Nuwe Verbond is redding deur die geloof, die inwoning van die Heilige Gees wat 'n lewe van geregtigheid voortbring.

U sal in hierdie les versigtig moet wees met die tydreëling. Die les het baie potensiaal vir die afdwaal na verskeie goeie en interessante sake. U sal nie elke besonderheid van die les of elke besonderheid in hierdie leiergids kan bespreek nie. Onthou hierdie gids gee u, die leier, 'n fondasie en bystand, maar dit is nie 'n geskrewe teks om saam met u studente te gebruik nie. Die Heilige Gees moet u lei sodat u kan weet wat die fokus van die toepassing behoort te wees.

Die tabel aan die einde van hierdie lesgids is 'n saamvatting van die hoofteite sodat u studente 'n basiese begrip sal hê van die drie verbonde bestudeer en hul verhouding met mekaar en redding. U studente het dan 'n duidelike prent van wat ware redding is en dat dit nie gebasseer is op wet/goeie werke nie.

As u besluit om die tabel aan die einde van hierdie lesgids te gebruik, kan u voor u bespreking die hoofopskrif: **Drie Verbonde** inskryf, asook die onderskrifte in elke kolom soos Wanneer, Wie, Belofte, Gebasseer op, ensovoorts. U kan 'n opening laat vir die opskrif van elke kolom. As u u bespreking begin, var u groep watter drie verbonde hulle bestudeer het en waar hulle kronologies inpas. Soos hulle antwoord, skryf die drie opskrifte in.

U kan aangaan en die Wie, Wat, Waar, Waarom en Hoe-vrae oor Genesis 15 vra en die hoofpunte van hierdie hoofstuk verkry.

Genesis 15

Ten einde die konteks van hierdie hoofstuk te bepaal, begin deur die tyd vas te stel. Vra u studente om hierdie inligting uit vers 1 te gee, asook uit die vorige hoofstukke. Dit gee 'n kort oorsig.

Vers	1 sê, "Na hierdie dinge..."
Genesis 11-2	Abram verlaat Ur en arriveer in Kanaän Abram se reis na Egipte
Genesis 13	Abram se skeiding van Lot
Genesis 14	Abram se redding van Lot en oorwinning van die vyandige konings

Nadat God Abram geroep het; aan hom 'n nageslag beloof het, wat die land Kanaän ewiglik sou beërf én hom beloof het dat in hom al die nasies van die aarde geseën sou word, het God Hom aan Abram openbaar as die getroue God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.

Een van die hoofpunte wat u uit die groep kan verkry, is in vers 1. U kan vra: “Hoe” het God Hom hier aan Abram geopenbaar?

“Vrees nie, Abram, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot.”

Dit kan ook vertaal word: “Ek is vir jou 'n skild, jou baie groot beloning.” U kan dit in verband bring met die end van hoofstuk 14. Dit kan wees dat hierdie onmiddellik gevolg het na sy gesprek met die koning van Sodom, of dit kan ook ná 'n langer tydsverloop wees. Dit is interessant om daarop te let dat Abram geen beloning/vergoeding van die koning van Sodom geneem het nie. Verbind dit met Gód wat sy beloning is.

God was sy skild; hy het dus nie nodig gehad om te vrees nie. Dit is vandag ook waar vir gelowiges. God is ons skild en ons behoort nie te vrees nie.

Die gesprek tussen God en Abram in verse 1-8 gee die agtergrond van hierdie verbond. Vra u studente om die besonderhede vir u te gee, maar moenie onnodige tyd afstaan en elke kleinere punt in besonder bespreek nie.

In vers 2 vra Abram God wat Hy hom sal gee, aangesien Eliëser, weens sy kinderloosheid, sy erfgenaam is. Een van die destydse gebruike vir kinderlose egpare was om 'n betroubare slaaf as hul erfgenaam aan te wys. Eliëser is in Abram se huis gebore, maar was van Damaskus. Abram kon vanaf Haran deur Damaskus langs na Sigem getrek het, maar ons weet ook uit die gebeure in Genesis 14 dat hy tot noord van Damaskus gegaan het om Lot te red.

God belowe toe aan Abram dat daar uit sy eie liggaam 'n erfgenaam sal kom.

God neem hom buitentoe en sê dat hy na die sterre moet kyk. Dit was donker – aand, nag of vroegmôre. God sê vir hom dat sy nageslag (so talryk) soos die sterre sal wees. Verbind dit met Genesis 13:16 “stof van die aarde.” Hierdie was nie 'n nuwe belofte nie.

Vers 6 sê vir ons dat Abram van hierdie punt af in die HERE geglo het. Hy het die HERE voorheen gevolg, maar van toe af was sy vertroude en geloof in God en sy beloftes.

God het hierdie geloof tot Abraham se geregtigheid gereken. Sy geregtigheid het van gelóóf in God gekom. Ons sien dit ook in die parallel van die verbonde.

God herinner hom daaraan dat Hy hom uit Ur gelei het om hierdie land aan hom as sy erfenis of besitting te gee. Abram vra God hoe hy dit sal weet. Toe sluit God met hom 'n verbond.

Die les gee die Hebreeuse woord vir verbond en sy definisie. Vra u klas wat die definisie is.

Verbond – *berith* = 'n plegtige, bindende ooreenkoms wat aangegaan word deur tussen twee stukke vleis deur te beweeg.

Verse 9-21 beskryf die verbond wat God sluit met Abram. Vra u klas uit oor die hoofpunte hier.

God sê Abram aan om sekere diere vir Hom te bring. Dit was al lig teen hierdie tyd. Abram verdeel die diere, behalwe die voëls en lê die helftes teenoor mekaar. Hy verdryf die roofvoëls. Dit wil oorkom dat hy die hele dag besig is om sy taak te voltooi.

Toe die son sak, val Abram in 'n diepe slaap. God sê vir hom: “Weet verseker ...” en daarmee beantwoord Hy sy vraag in vers 8 naamlik hoe sal hy weet dat hy die land gaan besit.

Sy nageslag sal 400 jaar slawe wees.
Daarna sal hulle met baie goed uittrek.
God sal daardie nasie oordeel.
Die vierde geslag, sy nageslag, sal terugkeer.
Abram sal lank leef en in vrede sterf.

Toe dit baie donker is, gaan daar 'n rokende oond en 'n vurige fakkel tussen die stukke vleis deur. Dit was die gebruik dat die twee partye by die sluit van 'n verbond tussen die stukke vleis deurloop. Hierdie rokende oond en vurige fakkel was nie Abram wat tussen die stukke deur geloop het nie – hy was vas aan die slaap. Dit was God self wat die verbond gesluit het.

Die rokende oond en vurige fakkel was 'n teofanie – 'n vóór-die-vlees-geworde, fisiese manifestasie van God. Melgisédek in hoofstuk 14 was ook 'n teofanie.

Die land word ook beskryf as vanaf die rivier in Egipte tot by die Eufraatrivier. God het dit aan Abram se nageslag gegee.

As u die tabel aan die einde van hierdie lesgids as 'n visuele hulpmiddel gebruik, kan u nou 'n oorsig van die hoofpunte van Genesis 15 maak deur slegs die hoofpunte van hierdie verbond neer te skryf.

God het die verbond gesluit; daarom is dit gebaseer op Sy Woord en karakter. Abram het niks gedoen nie; hy het net in die HERE geglo. Die belofte van die verbond is vir Abram se nageslag om die land te erf. Was dit al van die belofte van hierdie verbond? Hoe werp die res van die Skrif lig hierop?

Kruisverwysings oor Egipte

God het gesê dat Abram se nageslag 400 jaar lank slawe sou wees. God sou die nasie oordeel wat hulle verslaaf het. Daarna sou Abram se nageslag uit daardie land trek en teruggaan met baie besittings Kanaän toe – na hul besitting. Wat het u geleer in Exodus wat u kan help om dit te verstaan.

Exodus 1 en 2 verhaal aan ons van die seuns van Israel (Jakob, Abraham se kleinseun) in Egipte. Hulle beland daar as gevolg van 'n hongersnood in Kanaän (U kan dit kortliks in verband bring met die hongersnood in hoofstuk 12). Hulle was verskeie jare daar onder goeie toestande danksy Josef. Toe neem 'n Farao oor wat Josef nie geken het nie en verslaaf Israel. Israel vermeerder in Egipte sodat die Egiptenaars hulle getalle vrees. Verbind hierdie

met God se belofte aan Abram dat sy nageslag soos die stof van die aarde en die sterre van die hemel sal wees.

Farao sê die Hebreëuse vroedvroue en sy volk aan om alle pasgebore seuntjies te dood. Moses oorleef hierdie aanslag, word groot en vlug later na Mídián weens die doodmaak van 'n Egiptenaar. Die Israeliete in slawerny roep tot God. God hoor hul gekerm en onthou sy verbond.

In Exodus 3, 11 en 12 word vertel dat God Moses gebruik het om wonderwerke in Egipte te doen sodat die Egiptenaars gedwing kon word om hulle te laat trek en om baie besittings aan hulle te gee. Moses was baie hooggeag in Egipte en die HERE het aan die Israeliete guns bewys by die Egiptenaars toe Moses hulle uit Egipte lei om na Kanaän terug te keer. Dit is in Genesis 15:13, 14 en 16 voorspel in God se belofte toe Hy sy verbond met Abram gesluit het.

Die Ou Verbond, die Wet

Op pad terug na die beloofde land Kanaän slaan Israel in die woestyn laer op. Vra u studente uit wat toe volgens Exodus 24 gebeur het.

God gee daar by die berg Sinai die Wet, die Ou Verbond, geskryf op kliptafels, aan Israel. Die volk sluit toe 'n verbond met God en belowe om die Wet te hou. Brand- en dankoffers word geoffer.

Nou kan u sommige van die feite omtrent die Wet uit Jeremia 31 en Galasiërs 3 byvoeg. As u die tabel agterin dié leiergids gebruik, kan u nou die kolom vir die Ou Testament voltooi.

Wanneer: Jeremia 31:12 sê dat dit op die dag was toe God hulle uit Egipte gelei het.

Galasiërs 3:17 sê vir ons dat dit ongeveer 430 jaar na die belofte is.

Genesis 15:16 praat weer van die “vierde geslag.”

God sê in Genesis 15 dat Abram se nageslag 400 jaar in slawerny sou wees. Omdat die aartsvaders lank geleef het, is dit maklik om te sien hoekom God dit 'n ekwivalent van vier geslagte noem. Galasiërs 3 noem 430 jaar. Hiervan kan ons aanneem dat Jakob en sy seuns voorspoed in Egipte geniet het onder die Farao wat Josef 30 jaar lank geken het.

Daar is steeds 'n tydgleuf wat om 'n oplossing vra. Dit is nie 430 jaar na Genesis 15 nie, maar heel waarskynlik na die seën van die seuns van Israel in Genesis 49 wat God se belofte van die verbond kan wees deur die geslagslyn van Juda, Genesis 49:1-2, 10.

'n Moontlike tydsaanduiding van die drie verbonde is 2090 – 2080 v.C. vir die Abraham Verbond (Genesis 15), 1446 v.C. vir die gee van die Wet en 30 – 33 n.C. vir die aanvang van die Nuwe Verbond. Die end van Genesis kan dan ongeveer 1876 v.C. wees.

LET WEL: Onthou asseblief dat al hierdie feite nie noodwendig genoem hoef te word in u bespreking nie. Sommige van hulle word gegee sodat u voorberei kan wees indien u studente vra. Dis beter om te weet van moontlike vrae of teenstrydighede voordat dit in die bespreking opduik.

Wie: Ons het alreeds gesien dat God hierdie verbond met Israel gesluit het (Jer. 31:32).

U kan nou die besonderhede van die Ou Verbond, die Wet, uit Galasiërs 3 invul deur u studente te vra wat hulle daarvan waargeneem het. Vul die inligting in op die tabel by “Doel” “Verhouding van die verbond met Abraham”, “Voorwaardes” en “Gebasseer op” soos u deur elke bladsy werk. U kan u vra in die versorde vra sodat u studente die gedagtegang in die hoofstuk kan verstaan.

Die volgende vrae is nie 'n voorskrif vir u bespreking nie, maar word gegee om u te help as 'n leier om Galasiërs te deurdink.

Galasiërs 3:1-5. Hoe het die Galasiërs die Heilige Gees by hul redding ontvang? Wat probeer sommige doen vandat hulle gelowiges geword het?

Hulle het die Gees uit die prediking van die geloof ontvang. Blykbaar het sommige probeer om perfek te wees deur die vlees – deur die werke van die Wet. Om te probeer heilig wees deur 'n klomp reëls na te kom is wat aangaan selfs onder hedendaagse gelowiges.

Hoe redeneer Paulus met hulle? Wat sê vers 6 van Abraham?

Hy het in God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. Hy het geloof gehad.

Wie is dit dan wat saam met Abraham, die gelowige, geseën word? Wie word ingesluit?

Hulle wat uit die geloof is – wat glo (7-9). Dit sluit die heidene in. Al die volke sal in Abraham geseën word.

Wat is waar van die persoon wat probeer om die Wet te hou? Waarom?

Galasiërs 3:10 sê dat hulle wat uit die werke van die Wet is, is onder die vloek, want elkeen wat nie die HELE Wet hou nie, is vervloek. Verse 11 en 12 sê dat niemand deur die Wet geregverdig word nie, want die regverdige leef uit die geloof en die Wet is nie uit die geloof nie.

Wat het Christus gedoen?

Christus het ons losgekoop van die vloek van die Wet. Hy het 'n vloek vir ons geword (13). In Hom het die seën van Abraham na die heidene gekom sodat hulle die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang (14).

Aan wie is die belofte gemaak?

Aan Abraham en sy saad (16).

Wie is hierdie saad?

Hierdie saad is Christus (16). Alle volke word dus in Abraham geseën, want uit Abraham het Christus gekom.

Vers 17: Wat leer u kon die Wet – die Ou Verbond – nie doen nie?

Hierdie verbond het nie die Abraham Verbond kragteloos gemaak of die belofte wat God aan Abraham gemaak het, ongeldig verklaar nie. Vers 21 sê die Wet is nie teen die beloftes nie. Hierdie is twee verskillende verbonde wat verenigbaar is.

Waarom dan die Wet?

Dit is bygevoeg weens die oortredinge – die sonde – totdat die Saad (Christus, 16) sou kom (19). Die Skrif sluit almal in onder die sonde – en toon ons ons sonde (22). Hoe kan 'n mens ontdek dat hy 'n sondaar is tensy daar 'n meetsnoer is waarmee hy homself kan meet? Die Wet wys die mens sy behoefte aan 'n Redder wat kan regverdig. Dit stel God se meetsnoer van geregtigheid. Dit is gegee as 'n leermeester wat die mens na Christus wys (24).

Anders as die Abraham Verbond was hierdie verbond 'n voorwaardelike verbond met 'n doel in gedagte. Die mens was veronderstel om iets te doen om die verbond effektief te maak, maar in plaas daarvan, volgens Jeremia 31:32, wat het hulle gedoen?

Hulle het dit verbreek.

Wat omtrent vandag? Hoe raak dit alles die hedendaagse mens?

Die mens van vandag probeer om by God uit te kom deur 'n klomp reëls; baie nie volgens God se Wet nie, maar volgens mensgemaakte wette van "heiligheid.: Geen wet kan die lewe gee nie. Die lewe kom nie deur die werke van 'n wet nie (Galasiërs 3:21).

Christus het die Nuwe Verbond tot stand gebring en dít kan lewe en geregtigheid gee.

Ten einde die Ou Verbond – die Wet – te hou, wat moes hulle doen? Waarop is hierdie verbond dus gebaseer?

Hulle moes die Wet hou. Hierdie verbond is op werke gebaseer.

Die Nuwe Verbond

Dis die laaste van die verbonde in hierdie les. Vra die 5W's en H-vrae omtrent die verwysings na hierdie verbond in Jeremia 31, Esegïel 36 en Galasiërs 3. Maak parallelle en kontraste tussen hierdie en die ander twee verbonde.

Jeremia 31:31, 32: Wat sê die HERE gaan Hy doen?

Hy gee sy wet in hul binnenste – skryf dit op hul hart (33).

Hy sal vir hulle 'n God wees en hulle sy volk (33).

Almal sal Hom ken (34)

Hy sal hul ongeregtigheid vergewe en aan hul sonde nie meer dink nie (34).

Hoe verskil dit van die Ou Verbond?

Ou Verbond: Wet geskryf op kliptafels (Ex. 24:12; 2 Kor. 3:3)

Nuwe Verbond: Wet geskryf op harte (Jer 31:33; 2 Kor. 3:3)

Ou Verbond: Sonde ingesluit (Gal. 3:22)

Nuwe Verbond: Ongeregtighede vergewe en aan sonde nie meer dink nie (Jer. 31:34)

Wat leer u in Esegïel 36 wat ons gegee is?

Ons is 'n nuwe hart en gees gegee en God se Gees is in ons binneste gegee (26, 27). Sy Gees laat ons wandel in sy insettinge en laat ons sy verordeninge onderhou – geregtigheid (27).

Wat is dan die Nuwe Verbond se verhouding met die Ou Verbond? Is dit teenstrydig met die Wet?

Die Nuwe Verbond is nie teenstrydig met die Wet nie, maar help gelowiges om die Wet te onderhou (Eseg. 36:27).

Wat leer u omtrent die verhouding van die Nuwe Verbond met die Verbond van God met Abram? Wie is Christus?

Christus is Abraham se Saad deur wie al die volke van die aarde geseën word (Gal. 3:8, 16).

Ons sien in Galasiërs dat Christus 'n vloek vir ons geword het sódat in Hom die seën van Abraham na die heidene kan kom én dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang (Gal. 3:13, 14). Hoe word ons dus onder die Nuwe Verbond geregverdig?

Deur die geloof.

Hoe is Abraham geregverdig? Hoe het regverdigmaking altyd plaasgevind?

Deur die geloof.

Wat leer ons nóg in Galasiërs 3 omtrent diegene wat deur die geloof geregverdig is?

Kinders van God (26)

In Christus gedoop (27) (gedoop = verenig met, geïdentifiseer met)

Met Christus bekleed (27)

Almal een in Christus Jesus – nie meer Jood of Griek nie (28)

In die Nuwe Verbond is gelowiges geregverdig; in die regte verhouding met God geplaas en een met Christus gemaak of in Hom gedoop – bekleed met Hom. Dit is die verbond wat lewe meedeel en dit is 'n lewe van geregtigheid, soos van Christus, bewerkstellig deur die inwonende Heilige Gees.

Die Nuwe Verbond is op God gebaseer. Dit is onvoorwaardelik. God het dit in die Ou Testament beloof en dit is in die kruisiging van Christus vervul en in die koms van die Gees.

Christus het ons losgekoop van die vloek van die Wet. Gelowiges hoef nie langer te probeer om die wet te hou nie. Dit is reeds op hul hart geskrywe en hulle het die begeerte en vermoë om dit te doen déúr die Gees.

Hoe staan die drie verbonde met betrekking tot mekaar én tot redding?

Abraham Verbond

het die Saad beloof
was 'n verbond van die geloof
vir Abraham se nageslag om die land vir ewig te erf

Die Wet, die Ou Verbond

is bygevoeg weens die oortredinge
se doel was om ons na Christus te lei
was totdat die Saad sou kom
het nie die Abraham Verbond – belofte kragteloos of ongeldig gemaak
nie
was uit die werke en nie uit die geloof nie

Nuwe Verbond, redding

vervulling van die belofte van die Saad
vergifnis van sonde
vervulling van die Wet vanweë die inwonende Gees
nie teenstrydig met die Wet nie
bring die seën van Abraham na die gelowige heidene

Genesis 15:6; Romeine 4:3; Galasiërs 3:6; Jakobus 2:23

Genesis 15: “EN hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.”

Dit word drie maal in die Nuwe Testament aangehaal en nie elke keer in dieselfde konteks nie. Ons het die tyd van hierdie stelling gesien toe Abraham in die HERE geglo het nadat God beloof het dat een uit sy eie liggaam sy erfgenaam sou wees en dat sy nageslag (so baie) soos die sterre sou wees.

Wat leer Paulus as hy hierdie aanhaling uit Romeine en Galasiërs gebruik?

Paulus begin om regverdigmaking deur die geloof te leer in Romeine 3. En om dít te illustreer gebruik hy Abraham in hoofstuk 4. In Romeine 3 leer Paulus dat dit nié die Wet is wat regverdig maak nie, maar die geloof sónder die werke van die wet. Dit klink baie soos die teks van Galasiërs 3. Hy wys daarop dat selfs in Abraham se tyd redding deur die geloof was. Dit was nog altyd deur die geloof dat iemand geregverdig is deur God.

Die Judaïste van daardie tyd sou sê dat iemand is geregverdig – in die regte verhouding met God geplaas – deur die wet te hou. Maar ons het reeds gesien dat die wet gegee is weens die oortredinge. Die mens kon nie die volmaakte wet hou nie. Niemand is geregverdig – gered – deur die Wet nie, want niemand kon die Wet hou nie.

Selfs vandag nog probeer baie mense om by God uit te kom deur 'n godsdienstige wet te hou.

In Galasiërs 3 is die konteks effens anders. Hier gaan Paulus se lering oor die heiligmaking van gelowiges, met ander woorde hoe om 'n geheiligde lewe te lewe ná hul redding. Paulus sê dat die gelowiges die Gees deur die geloof ontvang het by hul redding; nie deur die werke van die Wet nie.

“Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?” Die vlees is 'n verwysing na om self die Wet te probeer onderhou, sonder die Heilige Gees.

Vers 8 sê vir ons dat, toe God met Abraham gepraat het soos dit opgeteken is in Genesis 12:1-3, Hy die evangelie aan hom verkondig het met die woorde: “In jou sal al die volke geseën word.” Maar dit was nie totdat hy God geglo het dat God hom dit geregtigheid gereken het nie. Sy redding was deur die geloof en sy lewe daarna was deur die geloof.

Gelowiges onder die nuwe verbond van redding behoort te leef deur die gelóóf en nie deur te probeer om 'n klomp wette van God of van die mens na te kom nie. Ons behoort te lewe deur die Gees, deur die geloof. Die wet is slegs 'n tugmeester na Christus toe; dan beklee diegene wat in Hom gedoop is, hulle met Christus. Word ons geregverdig deur die vlees, die werke van die Wet? Nee. Ons word geregverdig deur die inwonende Gees van Christus wat ons in staaf stel om te doen wat reg is.

Jakobus 2:23 het glad geheel en al 'n konteks, verskillend selfs van die ander gebruike van Genesis 15:6. Jakobus leer dat daar geregtigheid is wat deur die geloof kom. In Jakobus 1:22-26 sê hy dat jy 'n dader van die Woord moet wees en nie net 'n hoorder wat homself bedrieg nie. Dan verduidelik hy wat hy bedoel. Jakobus is 'n boek wat spreek van die feit dat daar diegene is wat in die kerk sit en sê dat hulle geloof het, maar dat hulle nog steeds verlore is, sonder die geloof, en dat hul godsdiens nikswerd is.

Jakobus 2:14-26 meld dit by herhaling dat die geloof sonder werke dood is. Waarom? Daar is geen bewys van redding nie – geen bewys van die Gees wat inwoon soos die Nuwe Verbond van redding belooft nie. As daar geen geregtigheid is nie, is daar dan nie geloof nie. Dis wat Jakobus sê. Dit weerspreek glad nie wat Paulus sê nie, maar bevestig dit alles.

Jakobus gebruik ook vir Abraham as 'n illustrasie in vers 21. As hierdie vers alleen gehanteer word, kan dit lyk asof Jakobus Paulus weerspreek. U kan dit as voorbeeld gebruik in u onderrig hoe om die Bybel te bestudeer. Ons moet altyd die hele raad van 'n lering in aanmerking neem en groot waarde heg aan die konteks van elke Skrifdeel wat bestudeer word.

Verse 21-24 gee die verduideliking. Abraham se werke het gewys dat sy geloof eg was. Sy geloof het volkome geword. Sy werke was die bewys van sy geloof. Hierdie is 'n kontroversiële lering selfs in baie kerke vandag, alhoewel dit nie so behoort te wees nie, wat die Woord is baie duidelik oor hierdie aspek van redding.

Volgens Eségiël 36 ontvang ons wát in die Nuwe Verbond?

Die Gees.

En wat sal die Gees ons laat doen?

Ons sal wandel in God se insettinge en sy verordering onderhou en doen.

Waarom? Wat sê Jeremia 31 vir ons?

Omdat die Wet van geregtigheid nou op ons hart geskryf word – ons nuwe hart.

As ons dus deur die geloof geregverdig is, wat sal die uiterlike bewys van ons geloof wees?

Ons sal wandel in sy weë – ons werke sal ons geloof wys.

Beteken dit dat gelowiges volmaak is en nooit sondig nie?

Nee. Dit beteken gelowiges leef lewens met toenemende geregtigheid as die vrug van redding.

As ons aanhou om na die lewe van Abraham te kyk, sal ons opmerk dat hy sy geloof al meer duideliker uitgeleef het voor God.

By die afsluit van u bespreking kan u u klas die volgende vra:

Ons het gesien dat ware redding is deur die geloof; nie deur die Wet te onderhou of goeie werke te doen nie. Het u waarlik geglo of het u probeer om redding te verdien?

Lewer u lewe bewys dat u 'n gelowige is? Ons sien dat, as sy Gees in ons binne is, Hy sal maak dat ons in sy weë wandel.

Hierdie is 'n belangrike bespreking vir u studente. Dit kan vir sommige selfs 'n saak van lewe of dood wees. Daar is altyd die moontlikheid dat daar iemand in u klas kan wees wat werklikwaar nie gered is nie, maar net dink dat hy is. U kan ook iemand hê wat iewers geleer is dat hy of sy 'n klomp "Moets en Moenies" moet hou om heilig te wees. Terwyl u hierdie les bespreek, sal u klas gekonfronteer word met die waarheid van Godswoord wat redding en 'n lewe van wandel in sy eie weë sal propageer.

Redding is deur die geloof en die lewe van 'n gelowige ná redding is deur die geloof ... net soos Abraham s'n.

DRIE VERBONDE		
God se Verbond met Abram	Die Ou Verbond Die Wet	Die Nuwe Verbond Redding
<p>Wanneer: Ná Abram in Kanaän Ná Lot van hom geskei het Vóór die Wet gegee is</p> <p>Wie: God het dit met Abram gesluit</p> <p>Belofte: Nageslag, Saad Nasie Land vir ewig</p> <p>Gebasseer op: Godswoord en karakter</p> <p><i>Abram het God geglo.</i></p>	<p>Wanneer: Ná God Israel uit Egipte gelei het 430 jaar na die belofte</p> <p>Wie: God het dit met Israel gesluit</p> <p>Doel: Bygevoeg weens die oortredinge Tugmeester van ons na Christus toe Totdat die Saad gekom het</p> <p>Verhouding tot Verbond met Abraham: Verbond nie kragteloos gemaak nie Belofte nie ongeldig gemaak nie Nie teenstrydig met die belofte nie</p> <p>Voorwaardes/Elemente/Resultate: Vervloek as die Wet nie nagekom is nie Nie geregtig deur die Wet nie Nie uit geloof nie</p> <p><i>Israel het die Wet verbreek – kon nie die verbond nakom nie Tugmeester van ons na Christus</i></p>	<p>Wanneer: Ná die Ou Verbond</p> <p>Wie: God het dit met diegene wat glo, gesluit</p> <p>Belofte: God se Wet in binnenste, geskryf op die hart Vergewe ongeregtigheid Nuwe hart en nuwe gees God se Gees in binnenste maak ons in sy in sy insettinge wandel en sy verordeninge onderhou/doen</p> <p>Verhouding tot Ou Verbond Nie teenstrydig met die Wet nie</p> <p>Verbond met Abraham: Christus = Abram se Saad deur die geloof Kinders van God Gedoop in Christus Beklee met Christus Almal een in Christus</p> <p>Gebasseer op: Godswoord en karakter Christus se kruisiging en loskoping</p> <p><i>Glo. ontvang die Gees – laat ons wandel in</i></p>

GENESIS, DEEL 3

LEIERGIDS

LES 3

Hierdie les skep die geleentheid vir 'n goeie oorsig van die beloftes wat God vir Abram gemaak het en om te kyk hoe dit verband hou met Genesis 16:1 – 18:15. Maak seker dat u die hele verloop vir studente voorhou soos u u bespreking elke week lei. U wil nie elke les as 'n alleenstaande onderwerples aanbied nie, maar as deel van die hele verloop van God se handeling met Abraham.

Daar is 'n tabel aan die einde van hierdie lesgid wat, indien u dit gebruik, u sal help met 'n goeie oorsig en die bespreking van die res van hierdie les se stof.

Oorsig van Genesis 12 – 15

God se eerste aangetekende belofte aan Abram in Genesis word gevind in Genesis 12:1-3. Hou 'n oorsig van hierdie verse met u studente deur hulle te vra om vir u te sê wat die hoofbeloftes is.

God belof om Abram 'n groot nasie te maak en hom te seën.

Hy sal sy naam groot maak en hom 'n seën maak.

God sal diegene seën wat Abram seën en hulle vervloek wat hom vervloek.

God belof dat in hom al die geslagte van die aarde geseën sal word.

Ons weet, uit ons studie van laas week, dat dit was toe God die evangelie aan Abram verkondig het volgens Galasiërs 3:8.

Gedurende dié bespreking moet u van u studente die verwysings na tyd kry. U kan hulle vra watter vergelyking na tyd word in Genesis 12 gegee.

Abram was 75 toe hy uit Haran getrek het.

Die volgende deel van die belofte aan Abram in Genesis 12 het God gemaak nadat hy in Kanaän gekom het.

In Genesis 12:7, terwyl Abram in Sigem was, het die land aan Abram se nageslag belof. Dit was die land Kanaän waarheen God hom al voorheen geroep het.

God se volgende beloftes aan Abram word in Genesis 13:14-17 gevind. Vra u klas om vir u te sê wat God bygevoeg het by die beloftes wat reeds gegee was.

God sê hier dat die land Abram en sy nageslag s'n is tot ewigheid.

Sy nageslag sal (so talryk) soos die stof van die aarde wees.

In Genesis 15 sluit God 'n verbond met Abram waarin Hy beloftes vir sy nageslag byvoeg. Vra u groep om die hoofpunte van hierdie hoofstuk te bespreek.

In vers 1 sê God dat Hy 'n skild vir Abram is en dat sy loon baie groot is.

Dan, in vers 4, beloof God dat een uit Abram se liggaam sy erfgenaam sal wees.

Op hierdie stadium sê Abram vir die HERE dat sy enigste erfgenaam wat hy het, een is wat in sy huis gebore is, Eliëser van Damaskus. Maar God verseker hom dat sy erfgenaam uit sy eie liggaam sal kom, en nie een is wat in sy huis gebore is nie.

God voeg hier ook by dat sy nageslag (so talryk) soos die sterre sal wees.

Maar Hy sê dat hulle 400 jaar lank slawe in 'n vreemde land sal wees. Hulle sal egter daaruit trek met baie goed en terugkeer na hul eie land.

Dit is interessant, soos ons laas week gesien het, dat God Egipte gebruik om rykdom aan Abram te gee toe hy daarheen gaan, asook aan die hele volk Israel na hul slawerny daar.

In Genesis 15:18 spesifiseer God die land as vanaf die rivier van Egipte (moontlik die Nylrivier) tot by die Eufraatrivier.

Genesis 16

U kan u studente uitvra omtrent die hoofgebeure van hierdie hoofstuk. *Wie? Wat? Wanneer? Waar? Waarom? Hoe?* is u beste besprekingsvrae. Soek die antwoord wat u wil hê in die teks en omskep dit gemaklik tot een van hierdie vrae.

Bespreek wie het 'n praktiese plan gehad omtrent hoe God 'n erfgenaam vir Abram sou gee.

Sarai bied háár idee aan hoe Abram 'n erfgenaam kan hê – een uit sy eie liggaam. Sy gee haar Egiptiese slavin aan Abram as sy vrou om 'n erfgenaam voort te bring.

Abram luister na Sarai in hierdie saak en maak soos sy voorstel. Dit is 10 jaar ná hul verblyf in die land Kanaän. God het ten minste 10 jaar gelede die eerste keer hierdie erfgenaam beloof. Abram was teen hierdie tyd ongeveer 85 jaar oud.

U kan 'n paar minute lank bespreek hoe dit verband hou met vandag. Word mense, selfs gelowiges, moeg om op God te wag om te doen wat hy sê Hy sal doen. Probeer ons ook om God te help met ons eie idees? Met ons eie planne? Laat dit ons in 'n gemors beland soos in die geval van Sarai en Abram? Is daar ramspoedige gevolge soos met hulle?

Wat kan ons leer uit hierdie ongelukkige gebeure in Abram en Sarai se lewens? Hoe kan ons verhoed dat dit in ons eie lewens gebeur?

Ons moet leer om God te vertrou en te wag op sy tyd en sy manier om sy beloftes te vervul.

U kan u studente vra om u die verloop van die gebeure te gee soos dit in hoofstuk 16 gebeur het.

Sarai gee Hagar aan Abram as sy vrou om 'n erfgenaam te verwek.

Abram gaan in by Hagar. Sy word swanger.

Hagar verag Sarai.

Die woorde “veragtelik ... geword”/verag (“despised”) kan volgens *The Complete Word Study Old Testament*, deur Spiros Zodhiates, beteken: “om klein, lig, verminder, onbeduidend, van min waarde te wees; om ligtelik te beskou/geskat/waardeer te word of van iets min te maak.” Dit gee ons een of ander idee van hoe Hagar teenoor Sarai gedink of gehandel het.

Sarai praat met Abram oor die onreg wat sy aangedoen word. Abram sê vir haar om met Hagar te doen soos dit goed is in haar oë. Sarai behandel Hagar sleg omdat sy Sarai verag. Hierdie behandeling kon tugtiging gewees het, maar van ergelike graad.

Hagar, die Egiptiese slavin, vlug van Sarai af weg in die rigting van Egipte. Sur lê op- pad van Hebron na Egipte. Hier in die woestyn vind die Engel van die HERE haar en sê vir haar om na Sarai terug te gaan en om haar voor haar te verneder.

God maak daarna 'n belofte aan Hagar. Vra die 5 W's en H-vrae omtrent hierdie belofte van God. Laat u groep u die hoofpunte gee wat gespreek is in verse 10-12.

In vers 10 sê die Engel van die HERE vir Hagar dat Hy haar nageslag sal vermeerder sodat hulle te veel sal wees om getel te word. Wie se nageslag is hierdie? Dis Abram én Hagar s'n.

Die Engel van die HERE sê toe vir haar dat sy 'n seun sal hê wat Ismael genoem sal word. Dit beteken: “God hoor/verhoor.” Aan die einde van vers 11 sê Hy dat die HERE haar in haar ellende “verhoor ... het.”

'n Beskrywing van wát Ismael sal wees, word in vers 12 gegee. Hy sal 'n wilde-esel van 'n mens wees; teen almal en almal teen hom. Hy sal teenoor (letterlik: voor [die aangesig van]) al sy broers woon.

U kan hier 'n tydjie afstaan om te bespreek waar die nageslag van Ismael vandag woon. Sy nageslag woon ten ooste van Israel. Hulle is die Arabiere, die Saoedi's van Saoedi-Arabië, alhoewel nog ander vandag Arabiere genoem word. Die Egiptenaars was al daar voordat Ismael gebore is. Die Jordaniërs is die nageslag van Moab, Ammon (seuns van Lot) en Edom (Esau). Die Iraniërs is Persies ensovoorts. As gevolg van jarelange en baie ondertrouery het hierdie mense, soos die res van die heidenwêreld, nie suiwere afstamlinies nie.

Genesis 16:13, 14 skep 'n geleentheid om die karakter van God te bespreek soos dit beskryf word deur die name van God wat tot hiertoe gegee is in ons studie van Abraham se lewe. Ook Genesis 16:11 beskryf 'n karaktertrek van God is.

Genesis 14:18-20 gebruik die naam van God, El Elyon. Dit word vertaal as God, die Allerhoogste of somtyds in ander plekke as die Allerhoogste God. Dit spreek van die soewereine karakter van God, Heerser van alles – Skepper (Besitter) van hemel en aarde.

Vra u klas wat dit vir ons en vir hulle vandag persoonlik beteken. Was dit nodig vir Abram om hom te bekommer – om dinge op sý manier te doen? En ons? Waarom nie? Wie dien ons?

In Genesis 15:2 noem Abram Hom HERE HERE wat Adonai JHWH is. Adonai beteken letterlik: meester of HERE. YHWH is die vierletterwoord wat gewoonlik vertaal word as “HERE” wat die stam is van “Jehova.”

The Complete Word Study Old Testament (Spiros Zodhiates) sê dat God se verbondsnaam is wat veral prominent is in verband met sy verhouding met die volk Israel. Die kombinasie van die name word vertaal as HERE HERE of Adonai YHWH.

Die vierletterwoord, *YHWH*, is die Hebreeuse woord vir God en bestaan uit die vier letters *yod*, *he*, *waw* en *he*. Dit word getranskribeer met die konsonante *YHWH* en uitgespreek as *Adonai* of *Elohim* as plaasvervangers van die oorspronklike, maar verbode uitspraak.

Waarom kan Abram God met hierdie naam aanspreek? Hoe het hy? Wat was sy verbintenis of verhouding met God? Bespreek met u groep hul verhouding met God as HERE en Meester. Help hulle om daarvoor na te dink of hulle Hom werklik ken as hul verbonds-God.

Genesis 16:11 sê dat God Hagar in haar ellende “verhoor” het. Ismael beteken “God verhoor.” Hoe help die kennis van hierdie karaktertrek van Hom ons vandag? Dit het mos nie net vir daardie tyd vir haar gegeld nie.

In Genesis 16:13 noem Hagar God as “'n God wat sien.” Dit word getranskribeer as Elroi. In vers 14 word die put letterlik genoem: “die put van die lewende een wat my sien.” Wat sê dit vir ons van Wie ons God is?

Volgens 17:1 het God Hom aan Abram as God die Almagtige bekend gemaak. Dit word getranskribeer as El Shaddai. Dié naam van God beteken presies wat dit sê. Hy is die Almagtige Een, die Kragtige Een of Magtige Een. Sommige meen dat hierdie naam ook beteken dat Hy die Algenoegsame Een is. U kan vra: “Leef u só dat ander kan sien dat u God ken as die Almagtige, die Kragtige Een? Maak u staat op sý krag eerder as op u eie?”

Hierdie name van God sal vir u studente 'n boodskap hê as u tyd neem om vrae te vra wat hulle sal dwing om te oordink wie Hy is en om dit te verbind met hul individuele omstandighede.

Hoe eindig hoofstuk 16? Wat gebeur in verse 15-16?

Hagar baar Ismael toe Abram 86 is. Hy het uiteindelik 'n erfgenaam gehad. Het hy?

Genesis 17

Een van die sleutelwoorde in hierdie hoofstuk is “verbond.” U kan meer fokus op die verbondsbeloftes wat God aan Abram (Abraham) gemaak het en alles saamvat wat tot hiertoe bestudeer is.

Vra u klas uit oor die tyd van hierdie hoofstuk, oor Abram se ouderdom in vergelyke met hoe oud hy was toe hy Haran verlaat het en oor die wanneer van die gebeure van hoofstuk 16.

Abram was 75 toe hy Haran verlaat en 99 toe hoofstuk 17 se gebeure plaasvind. Dus het 24 jaar verloop.

Aan die begin van hoofstuk 16, toe Sarai voorstel dat Abram 'n kind by Hagar moet hê, was hulle al 10 jaar in Haran. Aan die einde van hoofstuk 16, toe Ismael gebore is, word gesê dat Abram 86 was. Daar het dus 13 jaar verloop tussen Genesis 16 en Genesis 17.

In verse 1-6 wie praat met wie? Wat is die hoofpunte van die gesprek?

God praat met Abram en sê vir hom wie Hy is – ons het dit reeds bespreek. Toe sê God dat Abram voor Hom moet wandel – met ander woorde om te leef soos God wil hê hy moet leef. Dit beteken nie dat hy dit gedoen het nie, maar dit was 'n bevel van God om aan te hou leef soos hy moet. Soms moet ons herinner word of weer aangesê word dat ons sal aanhou om God se bevele uit te leef soos Hy ons aangesê het.

Volgens *The Expositor's Commentary* is die letterlike vertaling van die laaste deel van vers 1: “dan sal jy onberispelik (“blameless”) wees.” Abram sou “onberispelik” wees as hy sou wandel soos God wou hê hy moes wandel. Ook ons sal onberispelik/opreg wees as ons wandel ooreenkomstig Godswoord. U kan vra: “Wandel u voor God – wandel u soos GóD wil hê u moet wandel?”

In vers 2 begin God weer oor die verbond praat. Hy sê dat Hy sy verbond wil sluit tussen Hom en Abram. Sommige mense meen dat hierdie verbond verskil van die vorige een, maar die meerderheid meen dat God sy verbond met Abram hier meer verduidelik, uitbrei en afrond. Van dit wat God Abram hier beloof, het Hy al klaar gesê, maar net meer word bygevoeg. God verander Abram se naam na “Abraham.” Dit was algemeen by die sluit van verbonde. Abraham beteken: “vader van ‘n menigte” terwyl Abram beteken: “verhoogde vader” (*New American Standard Bible*).

God beloof dat nasies en konings sal voortkom uit Abraham. In Genesis 12:2 sê God vir Abram dat Hy hom 'n groot nasie sal maak. Hier sê God dat Hy hom die vader van 'n menigte van nasies sal maak. Die groot nasie wat beloof is in Genesis 12 was die volk Israel wat, soos ons in verlede week se studie gesien het, in groot getalle uit Egipte getrek het.

U kan u klas vra hoe ander nasies uit Abraham sou voortkom? Hulle sal moontlik Ismael noem wat 'n groot nageslag sou hê. U kan hulle verwys na bykomende inligting wat hieroor na vore kom met die studie van Genesis 25.

God sê dat sy verbond met Abraham en sy nageslag is 'n ewige verbond en dat die land 'n ewige besitting van hulle sal wees. Hy noem twee keer dat Hy hulle God sal wees.

U kan u klas vra of daar tot hiertoe enige voorwaardes was in die verbond wat God met Abram gesluit het. Is enigiets voor dít van hom verwag? Watter voorwaarde het God hier bygevoeg? Wat sou gebeur as hy nie hierdie vereiste nakom nie?

God sê in verse 9-14 dat die teken van hierdie verbond die besnydenis is. Abraham en sy nageslag moet dit nakom as 'n voorwaarde van die verbond. As iemand nie besny word nie, moet hy uit sy volksgenote (die volk Israel) uitgeroei word, want hy verbreek die verbond. Dit sluit in al die diensknegte en vreemdelinge onder hulle. Elkeen wat manlik en agt dae oud is moet besny word. Die teken van God se ewigdurende verbond – die belofte betreffende die nageslag en die land – is in hul vlees.

U studente mag vrae hê oor die besnydenis. Byvoorbeeld: Waarom die besnydenis as die teken en nie iets anders nie? Wat van vroue? Is die besnydenis nie deel van die Wet nie?

Omtrent die fisiese plek van die besnydenis – dit is die plek wat die naaste is aan die saad waarvan God vir Abraham gesê het “(sal) uit jou liggaam ... voortkom,” om die woorde van die Skrif te gebruik. Dit was 'n teken van die belofte wat God aan Abraham oor 'n nageslag gemaak het.

Omdat die stamboom deur die man is en nie deur die vrou nie, was die teken van die verbond onnodig vir die vrou. As die man deel is van die verbond, dan is ook sy vrou of dogter deel daarvan.

Die besnydenis is ingestel as 'n teken van die Abraham Verbond, nie van die Wet soos soms veronderstel word nie. In die Nuwe Testament word soms verwys na die besnydenis as 'n wettiese handeling of dit word verbind met die werke van die Wet, maar ons sien hier dat dit nie deel van die Wet was nie. Dit is baie jare vroeër as die Wet deur God gegee.

In verse 15 en 16 begin God oor Sarai praat. Vra vrae om die hoofpunte uit te lig.

God verander Sarai se naam Sara wat “ prinses” beteken (*New American Standard Bible*, kantaantekening).

Toe gee God aan Abraham die belofte – vir die eerste keer – dat Sara 'n seun sal hê. Sy sal die moeder van nasies word. Soos na Eva verwys word na die “moeder ... van alles wat lewe (Hoewel sy nie geboorte aan elkeen gegee het nie, so sal Sara die moeder van nasies genoem word (alhoewel sy net een seun gebaar het). (Uit Isak sou kom Esau en ook Jakob of Israel.)

Volgens vers 17 val Abraham op sy aangesig en aanbid God. Hy lag met vrae in sy hart. Het God hom hieroor tereggewys? Hoe het hul gesprek voortgegaan?

God sê niks omtrent Abraham se laggery en vrae nie. God lewer wel kommentaar op Abraham se gedagte dat Ismael voor God mag lewe, moontlik as sy erfgenaam.

God sê nee. Ismael is nie die een deur wie die verbond se nageslag gaan wees nie; wat die land vir ewig gaan erf of deur wie die Saad gaan kom nie. Isak is God se keuse vir die verbond.

Isak beteken “hy lag” (*New American Standard Bible*, kantaantekening).

God belowe dat Hy Ismael egter vrugbaar en buitengewoon groot sal maak en dat hy die vader van twaalf vorste en 'n groot nasie sal wees.

Maar die verbondsbeloftes gaan na Isak wat Sara vir Abraham dieselfde tyd in die volgende jaar sal baar.

Wat leer u uit die gesprek tussen God en Abraham van hul verhouding?

Dit was vir Abraham nie 'n probleem om met God te praat en selfs sy besorgdheid uit te spreek toe hy nie verstaan hoe God iets wou bereik nie. Hy het God geken as Allerhoogste God, sy HERE en Meester, Skepper van hemel en aarde. Hy het Hom geken as God Almagtig – niks was of is te moeilik vir Hom nie.

Watter gebeure sluit hoofstuk 17 af? Was Abraham gehoorsaam om sy deel van die verbond te hou? Wanneer? Hoe gou nadat God met hom gepraat het?

Abraham word daardie selfde dag besny en sorg dat ook almal wat manlik is in sy huishouding – van agt dae en ouer – besny word. Ismael was 13 en Abraham 99 jaar oud.

Hy is onmiddellik gehoorsaam aan wat God hom opgedra het om te doen. U kan u klas vra: “As u ontdek dat God iets in sy Woord beveel, gehoorsaam u Hom onmiddellik?”

Genesis 18:1-19

Vra u klas uit om die hoofteite van die eerste deel van hoofstuk 18 te bepaal.

Die HERE verskyn weer aan Abraham by die terpentynbome van Mamre in Hebron. Abraham woon steeds in Hebron waarheen hy volgens Genesis 13:18 getrek het.

Toe hy sien, staan daar drie manne voor hom. Hy voed hulle en ontvang 'n profesie van een van hulle, die HERE. Dit is nog 'n teofanie of 'n vóór-die-vlees-geworde fisiese manifestasie van die HERE. Ons het alreeds ten minste een vorige teofanie in Genesis 15:17, die rokende oond en vurige fakkel, gesien. Baie meen dat Melgisédék en Genesis 14 ook 'n teofanie is.

U studente mag bevraagteken of een van die manne die HERE was. In vers 1 word gesê dat die HERE aan Abraham verskyn terwyl hy by die ingang van die tent sit. Volgens vers 2 slaan hy sy oë op en sien drie manne voor hom staan. In vers 13, gedurende Abraham se gesprek met die manne, vra die HERE vir Abraham waarom Sara gelag het. Dan, in verse 16-17, terwyl Abraham saam met die manne loop om hulle weg te sien, praat die HERE weer. U kan aan u klas sê dat die gedeeltes wat hulle in die les van volgende week bestudeer, hulle sal help om verder te sien dat dit die HERE was en om te identifiseer wie die ander twee manne was.

Die profesie was dat Sara dieselfde tyd die volgende jaar 'n seun sou hê. Verbind hierdie tyd met Genesis 17:21. Hoofstuk 17 en 18 se tyd lê baie na aan mekaar, want in beide 17:21 en 18:10 sê die HERE vir Abraham dat hy 'n seun dieselfde tyd die volgende jaar sou hê. Abraham sou dus nog steeds 99 en Sara 89 wees.

Sara lag toe sy dit hoor, want sy was te oud om kinders te baar, én Abraham was oud. Die HERE wou van Abraham weet waarom Sara gelag het. Toe word die stelling gemaak wat al die jare van wag op God se belofte saamvat: “Sou iets vir die HERE te wonderbaar wees?”

U kan u klas vra hoe oud Abraham was toe die HERE hom die belofte van 'n nageslag gegee het. Verbind dit met Abraham se ouderdom op hierdie tydstip. Hoe lank het hy gewag op God?

Abraham was 75 toe hy Haran ter wille van Kanaän verlaat het (12:4). Op daardie tydstip het hy alreeds God se beloftes van 'n nageslag ontvang. Hier was hy 99 en het dus 24 jaar gewag.

U kan nou bespreek wat u studente omtrent Abraham en Sara geleer het uit Romeine 4:18-21.

Sonder om te verswak in die geloof het Abraham nie gelet op sy eie liggaam wat so te sê dood was en op Sara se “dooie” moederskoot nie. Hy het nie deur ongeloof aan God se belofte getwyfel nie, maar deur die geloof is hy versterk en het God vereer. Hy was ten volle verseker dat God die mag het om te doen wat Hy beloop het. Abraham het geweet dat niks te moeilik vir God was nie. God was in staat om te doen wat Hy beloop het.

God se tyd is perfek. Hy wag totdat dit menslik onmoontlik is vir Abraham en Sara om 'n kind te hê. Toe doen Hy die onmoontlike. Vra u klas: “Besef u dat niks te moeilik is vir die HERE nie? Reageer u op omstandighede in u lewe en onthou u dat hierdie waar is?

Kom ons gaan terug na Genesis 18:14.

Die HERE herhaal weer die belofte dat Sara dieselfde tyd oor 'n jaar 'n seun sal hê.

Sara ontken daarna dat sy gelag het, omdat sy bang is. Die HERE korrigeer haar en sê dat sy wel gelag het. Dit is interessant dat Hy nie vir Abraham tereg wys of reg help toe hý gelag en sy belofte bevraagteken het nie (Genesis 17:17), maar Hy help Sara hier reg. Abraham, daarenteen, ontken nie dat hy gelag het nie en vra God in die vorm van 'n versoek dat Ismael voor God mag lewe.

U kan u klas vra wat hulle omtrent Abraham geleer het in verse 16-19.

Die HERE vra: “Sal Ek vir Abraham verberg wat Ek gaan doen ...?” God herhaal sy belofte dat Abraham 'n groot en magtige nasie sal word; dat in hom die nasies geseën sal word. God het hom gekies dat hy aan sy kinders en huishouding sal beveel dat hulle die weg van die HERE moet hou deur geregtigheid en reg te doen, sodat die HERE oor Abraham kan bring wat Hy oor hom gespreek het.

By die afsluiting kan u u studente vrae vra om hulle te help verstaan wat geleer kan word in hierdie hoofstuk oor God en sy weë. Byvoorbeeld:

Is u gewillig om op die HERE te wag? Probeer u om die omstandighede te manipuleer en dinge onmiddellik te laat gebeur of leef u dag vir dag deur op God se tyd te vertrou?

Reageer u op die omstandighede in u lewe terwyl u in gedagte hou dat niks te moeilik vir die HERE is nie?

GOD SE BELOFTES AAN ABRAHAM EN SY NAGESLAG			
Genesis 12-15	Genesis 16	Genesis 17	Genesis 18:1-15
<p><u>12</u> Groot nasie, groot naam Geseën, geseën wees in Abraham al die geslagte geseën <i>Abram was 75</i></p> <p>Land aan nageslag</p> <p><u>13</u> Land vir ewig Nageslag soos stof van die aarde</p> <p><u>15</u> God 'n skild vir Abram en baie groot loon Een uit sy eie liggaam sal sy erf- genaam wees Nageslag soos sterre 400 jaar verslaaf Terugkeer na land Land: vanaf rivier in Egipte tot Eufraatrivier</p>	<p>Nageslag deur Ismael te veel om te tel</p> <p>Ismael wilde-esel van 'n mens teen almal almal teen hom woon teenoor al sy broers</p> <p>Ismael gebore toe <i>Abram 86 was</i></p>	<p><i>Abram was 99</i> "Abraham" Vader van menigte van nasies Nasies en konings sal uit hom voort-kom</p> <p>Ewige Verbond</p> <p>Kanaän: ewige besitting</p> <p>Besnydenis = teken van die verbond</p> <p><u>Onbesnede:</u> Moet uit sy volkgenote uitgeroei word Het verbond verbreek</p> <p>"Sara" 'n Seun uit haar Nasies word Verbond met Isak en sy nageslag Isak <i>volgende jaar</i> baar</p> <p><u>Ismael</u> 13 jaar oud Maak hom 'n groot nasie</p>	<p><i>Hierdie tyd oor 'n jaar</i> sal Sara seun hê</p> <p>Sou iets vir die <i>HERE</i> te wonderbaar wees?</p> <p><i>Hierdie tyd oor 'n jaar</i> sal Sara 'n seun hê</p>

GENESIS, DEEL 3

LEIERGIDS

LES 4

Hierdie les benadruk God se siening van homoseksualiteit. Begrip van wat die Bybel sê oor hierdie aangeleentheid en sy verband met vandag behoort u klem te wees vir hierdie bespreking.

U kan hierdie bespreking begin met 'n oorsig deur die Skrifdele oor Lot te gebruik.

Nadat u die hoofpunte oor Lot en Sodom behandel het, kan u Judas 7 gebruik as 'n basis vir die res van die bespreking oor Sodom en sy sonde. Maak seker u ruim genoeg tyd in om Romeine 1:18-32 te bespreek as u na Skrifdele oor homoseksualiteit kyk. Dit vorm 'n kerndeel van die bespreking.

Daar is 'n tabel aan die einde van hierdie lesgids wat u kan gebruik as u wil. Daar is meer inligting in die tabel wat u moontlik nodig het vir u bespreking. Gebruik net wat tot nut vir u klas kan wees en wat in die toegelate tyd vir u bespreking gedek kan word.

Lot en Sodom

Deur u studente uit te vra oor Lot kan u 'n oorsig maak van sommige van die gebeure in Genesis 11 – 17. 'n Oorsig met volledige besonderhede is onnodig, want die fokus van hierdie les is op homoseksualiteit as onderwerp. Dra sorg dat u bespreking nie geheel en al buite die konteks van Genesis gaan nie. As u met Lot begin, sal dit u help om die konteks vir u bespreking te bepaal. U kan met 'n truprojektor die stamboom van Lot, Tera en Haran wys soos u weer oor die feite omtrent Lot in Genesis 11 en 12 gaan.

Lot was die kleinseun van Tera, seun van Haran, broerskind van Abram.

Hy gaan saam met Abram na Haran en daarna na Kanaän.

Vra u groep wat hulle omtrent Lot in Genesis 13 en 14 geleer het.

LET WEL: Onthou om vra soos *Wie, Wat, Wanneer, Waar, Waarom* en *Hoe* te vra om goeie bespreking te stimuleer van wat u klas geleer het terwyl hulle hul huiswerk gedoen het. As die meerderheid nie gestudeer het nie, verwys hulle dan na die antwoorde in die Woord, maar lei steeds deur vrae te vra.

Genesis 13 meld dat Lot in Abram baie besittings gehad het – kleinvee, beeste en tente (Wat beteken dat 'n klomp mense in sy diens was). Toe hy en Abram skei, kies Lot die Jordaanstreek waar hy met sy besittings gaan woon, ens. Hy vestig hom in die stad Sodom waar die manne slag en groot sondaars is.

Genesis 14 is die verslag van Lot se gevangening deur die koning van Sodom en sy bondgenote. Abram verslaan die konings, wat teen die koning van Sodom en sy bondgenote geveg het, hoofsaaklik om Lot te bevry.

U kan vinnig saam met u klas deur die gebeure van Genesis 18:16 – 19:38 gaan met behulp van vrae, nie om elke klein besonderheidjie te dek nie, maar om die hoofpunte van die hoofstuk te bepaal.

Genesis 18:17-33 is die verslag van die HERE waardeur Hy Abraham inlig omtrent sy plan betreffende Sodom en Gomorra. Hy sê dat Hy nie vir Abraham sal wegsteek wat Hy beplan om te doen as gevolg van sy vorige beloftes aan hom en hul verhouding nie.

In vers 19 sê God dat Hy Abraham verkies het om sy kinders te beveel om die HERE se weg te volg, deur geregtigheid te doen. Dit is 'n byvoeging wat ons reeds gesien het omtrent God se beloftes aan Abraham.

God sê aan Abraham dat die sonde van Sodom en Gomorra waarlik baie is. 'n Geroep het na Hom gekom en Hy wil neerdaal om te kyk of dit so is. In Genesis 11:6-9 is 'n soortgelyke stelling van die HERE naamlik om neer te daal en te kyk na 'n goddelose situasie. Ons weet dat God alwetend is. Dit was nie vir die HERE nodig om van die hemel af na die aarde te kom om te kyk of iets waar is nie. Maar in beide gevalle het dit afgeloop in oordeel. Die toring van Babel en die vernietiging van Sodom en Gomorra is beide wêreldwyd bekend, selfs vandag nog. Beide is voorbeelde van God as soewereine Heerser van alles.

U kan u klas vra hoe Abraham na God in vers 25 verwys. Wat het hy van God geweet? Wat het Abraham van God gevra en hoe het God gereageer?

Abraham weet dat God nie die regverdige saam met die goddelose sal ombring nie. Hy verwys na die HERE as die Regter van die hele aarde wat regverdig oordeel. Hy vra dus vir God om Sodom te spaar as daarin vyftig regverdiges is. Abraham gaan voort totdat God aan Abraham se versoeke toegee en afsluit met: "Ek sal dit ter wille van die tien nie verwoes nie."

Die twee manne (engele) gaan van die HERE af weg terwyl Hy en Abraham praat en gaan na Sodom om dit te vernietig. Abraham se versoek dat die stad gespaar moet word, dui beslis op sy begaan wees oor sy broerskind Lot.

Laasweek het ons gesien dat een van die drie manne wat in Genesis 18 genoem word, die HERE was. In vers 1 sê dit dat die HERE aan Abraham verskyn het terwyl hy by die tentdeur gesit het. Vers 2 sê dat hy sy oë opgeslaan en die drie manne voor hom sien staan het. In vers 13, terwyl Abraham in gesprek is met die manne, is dit die HERE wat vir Abraham vra waarom Sara gelag het. Dan in vers 17, terwyl Abraham saam met die manne loop om hulle weg te sien, praat die HERE weer. In dié week se les sien ons dat die ander twee manne engele was. In Genesis 18:22 draai die manne af en gaan in die rigting van Sodom terwyl Abraham nog steeds voor die HERE staan. Volgens vers 23 vertrek die HERE. Genesis 19:1 meld dat die twee engele in Sodom aangekom het. Die engele word ook na verwys as manne in hoofstuk 19.

In Genesis 19 is die vreeslike verslag van die sonde van Sodom en sy vernietiging deur God.

Toe die twee engele in Sodom aankom, nooi Lot hulle om in sy huis te oornag. Maar voordat hulle gaan slaap, omsingel die manne van die stad die huis. Lot probeer om die twee engele/manne te beskerm teen die manne van Sodom wat met hulle seks wil hê. Lot bied sy twee maagdelike dogters aan om die twee manne/engele te beskerm. In hul laaggesonke luste dreig die manne van Sodom

ook vir Lot en probeer die deur oopbreek. Die engele slaan hulle met blindheid, en selfs tóé sukkel hierdie ontaarde manne nog om die ingang te kry.

Die manne/engele sê aan Lot dat die HERE hulle stuur om Sodom te verwoes. Lot waarsku sy toekomstige skoonseuns van die dreigende oordeel oor hul stad, maar hy is vir hulle soos een wat gekskeer. Die volgende môre, toe hulle moet padgee, talm Lot nog. Daarop lei die engele hom, sy vrou en twee dogters uit die stad uit.

Die engele sê vir hulle om te vlug en nie terug te kyk nie. Lot se vrou kyk egter om en word 'n soutpilaar. Haar terugkyk kon haar laat agterraak het by die ander sodat die swawel en vuur haar getref het, terwyl die ander veiligheid bereik het.

Lot was bang dat hulle betyds die berge sou bereik voordat die verwoesting begin nie. Hulle was nog in die vallei. Hy vra toe om toegelaat te word om na die dorp Soar te vlug. Sy versoek word toegestaan. God se verwoesting van Sodom was so volledig dat al die stede en dorpe daaromheen, die hele vallei, al die inwoners van die stede en dorpe, asook alles wat op die grond gegroei het, verwoes is. Soar het gespaar gebly.

Genesis 19:27-29 verhaal die verwoesting van Sodom en Gomorra soos Abraham dit aanskou het. Vra u studente om te bespreek wat hulle geleer het uit hierdie twee verse.

Die môre vroeg kyk Abraham vanaf die terpentynbome van Mamre in Hebron na die vallei en sien die rook van God se oordeel optrek. Abraham besef toe dat daar nie eens tien regverdiges in die stad Sodom was nie. Maar God het aan Abraham gedink en Lot uitgelei. Verbind dit met Genesis 18:23-25. God is die Regter van die hele aarde wat regverdig optree en het nie die regverdige saam met die goddelose omgebring nie.

Genesis 19:30-38 som op wat met Lot gebeur het na die verwoesting van Sodom en Gomorra. U kan vir hierdie deel van u bespreking 'n tru-projektor gebruik om die stamboom van Lot en 'n kaart te wys. Vra u studente om die feite hieroor te bespreek.

Lot was bang om in Soar te bly. Hy trek toe na die berge en bly daar in 'n grot saam met sy twee dogters. Sy dogters dink dat daar nie mans in die land oorgebly het om kinders by hulle te verwek nie. Dit is 'n aanduiding omtrent die volledige en uiterse verwoesting van die vallei en die stede en hul inwoners. Lot was bang om in die vallei te bly en sy dogters het moontlik gedink dat niemand in die land oorleef het nie.

Wat het die dogters met hul vader gedoen? Wat was die resultaat?

Die twee dogters maak Lot by twee geleenthede dronk dat hy nie weet wat hulle doen nie. Hulle verlei hom en beide raak swanger en baar twee seuns. Hulle seuns was Moab en Ben-Ammi. Uit hulle stam die Moabiete en Ammoniete en is woonagtig in die huidige Jordanië. Beide word heelwat gereeld in die Ou Testament genoem.

Daar is 'n kruisverwysing in die Nuwe Testament wat ons ietwat meer inligting omtrent Lot gee. Vra u klas wat hulle van hom geleer het in 2 Petrus 2:7-8.

Die onmiddellike konteks van hierdie verse is dat God weet hoe om die goddelose te oordeel terwyl Hy die godsaliges red. In dié hoofstuk gaan dit oor God wat geen goddelose spaar nie.

Lot word hier beskryf as 'n regverdige man. Herlei dit na hoe Abraham voor God tot geregtigheid gereken is – hy het in die HERE geglo. Ons word nie gesê wanneer Lot 'n regverdige man geword het nie; net dat hy een was terwyl hy in Sodom gewoon het. Dit sê ook nie dat hy regverdig was voordat hy in Sodom gewoon het nie. As 'n regverdige man het hy hom baie gekwel oor die losbandige lewe van die sedelose mense. Terwyl hy onder hulle gewoon het, het hy dag vir dag sy regverdige siel gepynig oor hul wettelose dade.

Waarskuwing: U moet hier versigtig wees. Moenie toelaat dat bespiegeling u tot 'n gevolgtrekking bring dat Lot 'n voorbeeld is van 'n “vleeslike” Christen wat algeheel selfgesentreerd is nie. Dit is 'n teenstelling met die duidelike lering van redding in die Nuwe Testament (U moet ook nagaan wat die betekenis van “vleeslik” is in 1 Korinthiërs 1-3 wat die Korinthise gelowiges beskrywe).

Lot en Abraham het beide enkele slegte keuses gemaak nadat hulle al as regverdige manne bekend was, maar die meeste wat ons hoor wat die Skrif oor hulle sê, is nie oor hul sonde nie.

Nou kan u begin kyk na die kruisverwysings wat in die les oor Sodom gegee word. Begin met Judas 7. Dit maak die res van die kruisverwysings meer relevant. U kan nie ál die verwysings na Sodom bespreek nie. Kies dus net die enkele wat die meeste inligting het.

Judas 7 sê dat Sodom en Gomorra en die omliggende stede hulle almal aan die selfde sonde van homoseksualiteit oorgegee het. Dit is waarom God hulle almal vernietig het. Hierdie sonde word beskryf as growwe onsedelikheid hoerery. Hulle het agter vreemde vleis aangeloop.

Hulle word voorgedhou as 'n voorbeeld van diegene wat die straf van die ewige vuur ondergaan. Selfs vandag weet mense sonder Bybelse kennis van Sodom van Sodom en Gomorra. Hulle mag dit nie glo nie, maar hulle weet daarvan omdat God sê dit was 'n voorbeeld.

Jeremia 50:40 stel dit dat niemand in Sodom en Gomorra sal woon nie. Dit is vandag die gebied van die suidelike Dooie See, die mees verlate plek op aarde. Dit is steeds 'n voorbeeld van God se totale oordeel. (Konteks: Die toekomstige vernietiging van Babilon. Soos Sodom en Gomorra sal niemand daar wil woon nie).

Sefánja 2:9 sê dat Moab en Ammon soos Sodom en Gomorra in die toekoms sal word. Hulle is plekke van brandnekels en soutpanne – 'n ewige verwoesting. Herinner u studente aan wie Moab en Ammon is en uit wie hulle gekom het. (Gen. 19:36-38).

In Deuteronomium, Jesaja, Jeremia, Klaagliedere en Eségiël gebruik God Sodom as voorbeeld om Israel te waarsku van oordeel oor sy sondes. Jesus het die verwoesting van Sodom as 'n voorbeeld gebruik in Nuwe Testament-gedeeltes soos Matteüs 11.

Homoseksualiteit

Hierdie is so 'n relevante studie vir die hedendaagse mens sodat hy presies kan sien wat Gód sê oor homoseksualiteit. Deur te steun op die fondasie wat gelê is in die vorige gedeeltes van u bespreking, kan u u studente lei om sélf in Godswoord te ontdek wat gesê

word oor homoseksualiteit. Dit is so glashelder dat niemand hoef te wonder wat God se siening is nie.

Terwyl u dit bespreek, wees sensitief teenoor u klaslede. Dit is heel moontlik dat sommige van hulle 'n kind of 'n familielid, 'n medewerker, 'n kennis of dalk die kind van 'n vriend wat homoseksueel is, kan hê; ja, selfs bekeerde of aktiewe homoseksuele kan wees.

Vra u groep wat hulle opgemerk het omtrent die sonde van Sodom in Genesis 18:20. Hulle sonde was waarlik baie swaar. Verbind dit met wat die sonde was soos dit beskryf word in Genesis 19:4-7 – mans wat seksueel verkeer met mans. Kyk dan weer wat Judas 7 daaromtrent sê. Waarom word dit beskryf dat hulle agter vreemde vlees aan geloop het?

Judas 7 sê dat hierdie baie swaar sonde van homoseksualiteit hoerery is – die agter-aan-loop van vreemde vlees. Mans wat seksueel verkeer met mans, loop agter vreemde

Die volgende vrae en antwoorde oor Romeine 1:18-32 is nie 'n stuk van 'n les om dit saam met u klas te behandel nie, maar is om u, die leier, te help om dié Skrifgedeelte en sy verband met homoseksualiteit en die vernietiging van Sodom te deurthink.

Hoe help Romeine 1:18-32 om te verstaan hoe hierdie vreemde vlees is? Hoe word dit in hierdie verse beskrywe?

Hierdie verse sê vir ons dat God se toorn word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat in of deur ongeregtheid die waarheid onderdruk. Dit is nie dat hulle nie die waarheid ken nie, maar dat hulle dit onderdruk.

Hoe ken hulle die waarheid?

Dit wat van God geken kan word, is duidelik in hulle geopenbaar. God se onsigbare eienskappe naamlik sy ewige krag en goddelikheid kan verstaan en duidelik gesien word in sy werk.

Wat sê God dus omtrent hulle?

Hulle is sonder verskoning. Daar is geen verskoning vir hierdie soort gedrag – vir hierdie soort denke nie. Hulle verheerlik God nie en hulle gee voor dat hulle wys is. Maar deur dit te doen word hulle dwaas.

Stem enigiets hiervan ooreen met dit wat vandag gebeur? Wat van die “Gay-aktiviste” wat daarop aanspraak maak dat hulle die enigste is wat kennis oor hierdie kwessie het en dat hulle wat van hulle verskil, dom is of 'n sieklike vrees vir homoseksuele het (= homofobies)? Hulle beweer dat hulle nie vir hulle gedrag verantwoordelik is nie en hulle wil dit nie verander nie.

Wat leer u nog van hierdie persone wat in ongeregtheid die waarheid onderdruk?

Hulle onteer hul liggame onder mekaar omdat hulle die waarheid van God verruil het vir die leuen. Hulle vereer en dien hulself in plaas van God.

Bring dit alles in verband met wat vandag gebeur as die onderwerp van homoseksualiteit in 'n gesprek opduik. Hoe word “Gay-regte” daarmee verbind? Is dit alles 'n leuen – mense verkies om in verdorwenheid te lewe eerder as om hulle aan te pas by wat reg is volgens Godswaard?

Wat leer u omtrent hierdie hartstogte?

Dit is ontaarde hartstogte – vroue verruil die natuurlike verkeer vir dit wat onnatuurlik is. Lesbianisme is verlagend en onnatuurlik, die loop agter vreemde vlees aan, die gevolg van die onderdrukking van die waarheid in ongeregtigheid. Dit glo die leuen eerder as die waarheid en hulle is sonder verontskuldiging/verskoning voor God.

Wat doen die manne soortgelyk? Wat is die gevolg hiervan?

Die manne laat vaar die natuurlike verkeer met die vrou en ontbrand in hul wellus teenoor mekaar en pleeg skandelige dae met ander manne. Hulle ontvang in hulself die noodwendige vergelding van hul dwaling.

Is daar enige verband met VIGS hier?

Watter soort gesindhede het hierdie manne?

Hulle het slegte gesindhede en doen wat nie betaam nie en is vol allerhande ongeregtighede.

Het u van hulle al op televisie of persoonlik gesien vol haat, boosaardigheid, astrantheid en grootpraat?

Wat sê die verordeninge van God hieroor?

Mense wat sulke dinge doen, verdien die dood.

Maar wat is waar omtrent hierdie mense?

Nie alleen doen hulle hiêrdie dinge nie, maar gee hulle ook hul goedkeuring aan die wat dieselfde sondes doen. Ons sien deesdae gereeld dat homoseksuele blatant hul homoseksualiteit verklaar, mekaar ondersteun en hul “regte” opeis.

Terwyl u hierdie dinge bespreek, gee u klas tyd om te sien hoe dit alles werklik spesifiek verband het met wat vandag aangaan. God het nie sy standpunt verander nie. Sy waarheid is steeds die waarheid. Die mens moet steeds aan God se standaard van geregtigheid gelykvormig word in plaas van om te probeer om God se standaard aan sy eie denke gelykvormig te maak.

LET WEL: Maak seker dat u u klas uitvra en laat hulle vir u sê wat God oor homoseksualiteit sê. Dit is belangrik dat hulle gedurende die bespreking self insien wat Godswoord sê.

Wat het God in die Wet gesê oor die sonde van homoseksualiteit? Bring die Wet weer in verband met Galasiërs 3 waar dit sê dat dit gegee is weens die oortredinge – sy funksie is dié van 'n tugmeester na Christus toe.

Wat sê Levítikus hieroor?

Levítikus 18:22 is 'n duidelike bevel van God dat 'n man nie gemeenskap mag hê met 'n man soos met 'n vrou nie. Dit is 'n gruwel.

Levítikus 20:13 sê dat, as 'n man met 'n man gemeenskap het, soos 'n man met 'n vrou, hulle altwee 'n gruwelike daad doen. Hulle moet sekerlik gedood word en hul bloedskuld is op hulle. Dit is in die oë van God 'n sonde wat met die

dood strafbaar is en hulle wat daaraan deel het, is verantwoordelik vir hulself. Hulle kan niemand anders vir hul sonde blameer nie.

Rigters 19 en 20 gee nóg 'n beskrywing van homoseksualiteit. Wat is die verband van hierdie beskrywing met wat gebeur in die Genesis-weergawe? Wie was betrokke in hierdie sonde in Rigters?

Die ooreenkomste in hierdie twee weergawes is opvallend. 'n Man kom by 'n stad aan en word deur een van die inwoners gehuisves, soos Lot twee manne/engele gehuisves het. Die gasheer laat nie toe dat die reisiger op die oop plein oornag nie, blykbaar omdat hy weet wat met hom sal gebeur.

Die manne van die stad omsingel die huis en slaan op die deur. Hulle eis dat die eienaar die reisiger buitentoe bring dat hulle met hom seksueel kan verkeer. Dieselfde reeks van gebeure het in Sodom gebeur. Die grondige verskil hier is: dit is 'n stad van Israel en hierdie manne is die Benjaminiete, 'n stam van God se volk Israel.

Hierdie bose Benjaminiete word hier "slegte manne" genoem. Die kanttekening in die *New American Standard Bible* sê dit beteken "seuns van Belial."

Die reaksie van die ou man, die eienaar, is dat hulle nie kwaad moet doen nie. Hulle gee voor dat hulle wys is, maar hulle het dwaas geword.

Ook hier word vroue aan die manne buitekant aangebied wat hulle weier. Toe gee die reisiger sy byvrou aan hulle waarna hulle haar die hele nag deur verkrag en misbruik sodat sy later die oggend by die ingang van die eienaar se huis sterf.

Rigters 20 verhaal hoe die hele Israel optree teen hierdie sonde van boosaardigheid, homoseksualiteit en verkragting.

Wat sê die Nuwe Testament omtrent hulle wat homoseksualiteit beoefen?

1 Korintiërs 6:9-11 stel dit duidelik dat hulle wat hierdie sonde doen, geen erfdeel het in die koninkryk van God nie. Met ander woorde hulle is nooit gered nie. Hulle is onregverdiges.

Maar God red mense van homoseksualiteit. Sommige van die Korintiese gelowiges het in die verlede sulke sondes gedoen. Maar God het hulle afgewas, geheilig en geregverdig in die Naam van die HERE Jesus en deur die Gees van God. Dít is redding.

Vra vrae om hierdie te verbind met wat in die Nuwe Verbond gebeur.

God gee sy Gees in ons binnenste om ons te laat wandel in sy insettinge en om sy verordeninge te onderhou. God red mense van volharding in hul sondes. Ons word almal as sondaars gebore en God is die enigste Een wat ons van sonde genees.

Kan 'n persoon dus 'n aktiewe homoseksuele wees én 'n ware kind van God wees?

Nee, nie volgens die Woord van God nie.

Kan mense dit net nie verhelp om homoseksuele te wees nie?

Nee, hulle is sonder verskoning (Rom. 1:20).

Word hulle so gebore?

Gebore in sonde, ja. Maar nie gebore sonder die vermoë om hul handeling te beheer nie.

Dit is dieselfde soos met ander sondes. Sonde is 'n keuse deur die individu.

Slotoorsig

God red die regverdige Lot van sy vernietiging van Sodom en Gomorra.

Hy vertoon hierdie vernietiging as 'n voorbeeld van die ondergaan van die straf van die ewige vuur.

God se straf is as gevolg van hul gruwelike immoraliteit, die loop agter vreemde vlees aan, die verander van natuurlike in die onnatuurlike – homoseksualiteit.

Hierdie sonde het Lot se regverdige siel gepynig soos dit vandag die regverdige siele van gelowiges pynig wat verplig word om te woon waar dit openlik beoefen word.

God is uitgesproke omtrent sy siening van homoseksualiteit. Dit is 'n gruwel, uiters boos.

God sê dat, indien 'n persoon hierdie sonde doen, dié persoon geen erfdeel in sy koninkryk het nie.

Daar is hoop vir homoseksuele – redding. Die afwassing, heiliging en regverdiging deur redding is vir mense wat alle soorte sondaars is.

Hoe behoort ons die homoseksuele te behandel?

Soos enige ander sondaars.

Wat die Bybel sê oor...		
Lot	Sodom	Homoseksualiteit
<p>Genesis 11-14</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Abram se broerskind ▪ Saam met Abram na Kanaän ▪ Besit kleinvee, beeste en tente, baie besittings ▪ Woon in Sodom ▪ Gevangene van konings ▪ Bevry deur Abram <p>Genesis 18-19</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Probeer twee engele/manne beskerm ▪ Praat met skoonseuns oor komende verwoesting ▪ Word uitgelei deur engele uit Sodom ▪ Word dronk gemaak en verlei deur sy twee dogters; is vader van Moab en Ben-Ammi <p>2 Petrus 2:7, 8</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Word gered deur God ▪ Kwel hom oor losbandige lewe van sedelose mense ▪ Pynig siel dag vir dag oor hul wettelose werke 	<p>Genesis 13:13</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Sleg, groot sondaars <p>Genesis 18-19</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Sonde waarlik baie swaar ▪ Nie eens tien regverdige nie ▪ Slegte manne probeer homoseksueel verkeer met manne/engele ▪ Verwoes deur God, laat reën swael en vuur uit hemel <p>Judas 7</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Gehoereer ▪ Loop agter vreemde vlees aan ▪ Gestel as 'n voorbeeld van die straf van ewige vuur 	<p>Judas 7</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Op dieselfde manier as die manne van Sodom gehoereer ▪ Loop agter vreemde vlees aan <p>Romeine 1:18-32</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Goddeloosheid, ongeregtigheid ▪ Onderdruk die waarheid ▪ Geen verontskuldiging ▪ Dwase gee voor hulle is wys ▪ Verander natuurlike in onnatuurlike: <ul style="list-style-type: none"> ◆ manne met manne ◆ vroue met vroue ▪ Onteer liggame ▪ Skandelige hartstogte ▪ Ontvang noodwendige vergelding in hulself <p>Levítikus 18 en 20</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Jy mag nie ... ▪ Dit is 'n gruwel ▪ 'n Gruwelike daad ▪ Sekerlik gedood word ▪ Hul bloedskande is op hulle <p>1 Korinthiërs 6:9-11</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Beërwe nie die koninkryk van God nie, tensy afgewas, geheilig, regverdig

GENESIS, DEEL 3

LEIERGIDS

LES 5

Die klem in dié les is op wat die Nuwe Testament sê, veral Galasiërs 4, oor die gebeure wat opgeteken is in Genesis 20 en 21. U kan u studente help om die stelling “Werp die slavin en haar seun uit” te verstaan. Dit word spesifiek met óns verbind wat deel is van die Nuwe Verbond van redding. Aan die einde van hierdie lesgids is daar 'n tabel wat u kan help om dié bespreking te lei.

Bespreek die hoofgebeure van Genesis 16, 17, 20 en 21. Lê só vir u 'n fondasie waarop u die res van u bespreking kan bou. Dit is opwindend om te ontdek hoe God in die Nuwe Testament uitbrei en verduidelik wat Hy in Genesis sê. Help u studente om die opwinding van hierdie waarhede oor vryheid te beleef. Maak seker u vra u studente die *Wie, Wat, Wanneer, Waar, Waarom en Hoe*-vrae.

Genesis

Maak kortliks 'n oorsig van die gebeure in **Genesis 16:1-16**. Vra u klas uit oor die hoofpunte van die verse.

Hierdie gedeelte handel oor Hagar wat geboorte gee aan Ismael, Abram se seun. Sarai gee haar Egiptiese slavin aan Abram om sy vrou te wees, sodat sy kinders deur Hagar kan bekom. Hagar word swanger deur Abram en verag Sarai. Sarai behandel Hagar sleg sodat sy na die woestyn op pad na Egipte toe wegvlug.

God praat daar met Hagar en sê vir haar om terug te gaan en haar te onderwerp aan Sarai. Hy sê vir haar dat Hy haar nageslag grootliks sal vermeerder sodat hulle te veel sal wees om te tel. Sy sal 'n seun baar en hom Ismael noem. Dit beteken “God hoor.” Hy sal 'n wilde-esel van 'n mens en teen almal mens wees én teenoor al sy broers woon.

Hagar noem dié plek: God wat sien – Elroi. Sy baar Abram se seun toe hy 86 jaar oud is.

Bespreek die ander agtergrondinligting van **Genesis 17:18-26**.

Abraham is 99 jaar. Hy suggereer aan God dat Ismael voor God mag lewe as sy erfgenaam. God antwoord met 'n besliste nee. God se ewige verbond sal met Ísak opgerig word. Sara sal vir hom op dieselfde tyd die volgende 'n seun baar.

God sê van Ismael dat Hy hom sal seën, hom vrugbaar sal maak en hom buitengewoon sal vermeerder. Hy sal die vader word van twaalf vorste en 'n groot nasie.

Dieselfde dag besny Abraham Ismael op die ouderdom van 13 en elkeen wat in sy huishouding manlik is soos God hom beveel het.

Vra u klas wat hulle hieruit van Abraham geleer het. Hoe is dit op ons van toepassing?

Abraham reageer onmiddellik in gehoorsaamheid. Ons behoort dieselfde te doen. As ons ontdek dat ons lewens nie in ooreenstemming met iets van Godswoord is nie, moet ons onmiddellik in gehoorsaamheid reageer.

Met hierdie as agtergrond vra u studente uit oor wat hulle bestudeer het in **Genesis 20 – 21**. U kan 'n kaart gebruik om te wys waar Abraham rond getrek het.

Abraham en Sara trek 'n tyd lank na Gerar. Abraham sê dat Sara sy suster is. Sy stem saam. Alhoewel Sara op daardie tydstip 89 jaar is, neem die koning haar. Verbind dit met die tog na Egipte in Genesis 12.

God gryp in deur 'n droom aan Abiméleg, die koning en sê vir hom hy is 'n dooie man tensy hy Sara aan haar man Abraham terugbesorg. Abiméleg herinner God daaraan dat hy dit in die onskuld van sy hart gedoen het. God voorkom dat hy naby haar kom en so teen Hom sondig.

Dink na oor die tyd van dié gebeure. Vra u klas uit waarom dit so belangrik is dat God in hierdie weergawe insluit dat Abiméleg nie naby Sara gekom het nie – haar nie aangeraak het nie.

Hierdie is een of ander tyd kort na God se belofte dat Sara 'n seun die volgende jaar sal hê. Miskien het Satan probeer om die geboorte van 'n seun deur Abraham se toedoen te verhoed. Maar God was in beheer en Hy is dit vandag nog – selfs in die moeilike lewensomstandighede. En ook in plekke waar dit lyk asof daar geen vrees vir Hom is nie. Niks kan sy plan fnuik nie.

God sê Abimeleg aan om Sara aan Abraham terug te gee, “want hy is 'n profeet, en hy sal vir jou bid, dat jy kan lewe.” Let daarop dat God Abraham 'n profeet noem.

God het ook in hierdie tyd elke moederskoot van Abimeleg se hele huishouding toegesluit.

Nadat Abimeleg Abraham tot verantwoording geroep het vir sy sonde van misleiding, is sy huishouding deur God genees in antwoord op Abraham se gebed. Abraham was nie volmaak nie, maar hy was 'n regverdige man wat 'n sonde begaan het. Al het hy in God en sy beloftes geglo, het hy vir sy lewe gevrees en Abimeleg mislei ter wille van sy veiligheid.

In Genesis 21 sê dit dat die HERE aan Sara gedoen het soos Hy beloop het. Sy het bevrug geword en 'n seun vir Abraham gebaar op die bepaalde tyd wat God gesê het. God se beloftes word bewaarheid, miskien nie altyd volgens óns tyd nie, maar altyd volgens sý tyd. Verbind hierdie met Genesis 17:21; 18:10, 14.

Abraham is 100 jaar oud toe Isak gebore word en Sara 90 jaar oud. Hy besny Isak toe hy 8 dae oud is. Hy sorg dat die teken van die verbond op Isak kom.

Sara sien hoe Ismael, moontlik 16 jaar oud, Isak spot. Sy versoek Abraham om die slavin en haar seun weg te jaag, want Ismael mag nie saam met Isak erf nie. Abraham is baie ongelukkig hieroor, want Ismael is ook sy seun. God sê vir Abraham om nie ongelukkig te wees nie, want Hy gaan 'n nasie van Ismael maak, omdat hy ook Abraham se kind is. Maar God sê ook vir hom om na Sara te luister.

Abraham stuur toe vir Hagar en Ismael weg. Hulle dwaal rond in die woestyn van Berséba. Sommige sê dat dit destyds algemeen was om 'n slavin en haar kinders wat vir die man gebore word hul vryheid te gee as die man 'n erfgenaam by sy vrou verwek. Ook na die dood van die man, kan hulle nie langer as slawe aanbly nie.

Vra u studente uit oor wat gebeur het toe Hagar in die woestyn was.

Die Engel van die HERE roep toe na Hagar in die woestyn. Hy sê vir haar om nie te vrees nie; Hy sal van die seun 'n groot nasie maak. Toe open Hy haar oë om 'n put te sien.

God was met Ismael en hy het opgegroeï. Hy het in die woestyn Haran gewoon en 'n boogskutter geword. Hagar het vir hom 'n Egiptiese vrou geneem.

Abimeleg maak weer sy verskyning in Genesis 21:22-34. Hier hoor ons van 'n verbond tussen mans. Vra vrae en bespreek met u groep die sluit van die verbond tussen Abimeleg en Abraham.

Abimeleg en Pigol, sy leërowerste, kom na Abraham. Abimeleg wil van Abraham die versekering hê dat hy nie met hom en sy nageslag vals sal handel nie. Abimeleg weet dat God met Abraham is in alles wat hy doen. As hulle naby mekaar gaan woon, wil hy veilig voel.

Abraham sweer vir Abimeleg dat hy hom vriendelik sal behandel. Abraham maak ook beswaar oor 'n put wat deur Abimeleg se dienaars afgeneem is. Putte beteken oorlewing in daardie droë land.

Hulle sluit toe 'n verbond. Abraham keer 7 oilammers eenkant toe uit en gee dit as 'n getuïenis dat hy die put gegrawe het. Hy noem die plek "Berséba, put van sewe" (*NAS Concordance*), want daar het hulle twee 'n eed gesweer. Abimeleg keer terug na die land van die Filistyne en Abraham plant 'n boom in Berséba en roep die Naam van die HERE, die ewige God, aan.

Abraham het lank in die land van die Filistyne gewoon. Dit is interessant om te weet dat nie baie lank vóór 1948 nie, is die land Israel 'n ruk lank Palestina genoem. Hierdie naam is afgelei van "Filistyne" en die Romeine het die land van Israel so genoem.

Romeine 4:13-25

As u hierdie kruisverwysing bespreek, lei u studente om te begryp hoe dit een of ander verduideliking gee van wat die gebeure in Genesis vir gelowiges vandag beteken. Vra vrae om hulle te laat dink – om die Skrifte te beredeneer. Soos u deur hierdie deel van die bespreking werk, bring dit gedurig in verband met die Genesis-weergawe daarvan.

Romeine 4:13 begin met die belofte wat God aan Abraham en sy nageslag gemaak het. Paulus sê dat hierdie belofte naamlik dat Abraham die erfgenaam van die wêreld sal word, is nie deur die Wet nie, maar deur die geregtigheid van die geloof. In hierdie konteks van Romeine is Paulus besig om te leer dat die geregtigheid – redding – deur die geloof is, en nie deur die werke van die Wet nie. Hy verwys na die lering van die Judaïste wat sê dat jy die Wet moet hou om geregverdig te word.

Volgens vers 16 is dit deur geloof en volgens die genade. Die belofte is vir die hele nageslag, nie alleen vir die Kode nie, maar vir almal wat geloof soos Abraham het. Abraham het God geglo en daarom is dit hom tot geregtigheid gereken. Dieselfde geld dus vir die mense in Paulus se tyd én vir die mense van vandag. Vers 24 sê dit is vir “ons wat glo in Hom wat Jesus, onse HERE, uit die dode opgewek het.” Redding is deur die geloof en dit bring geregtigheid.

U kan weer na die belofte van die nuwe verbond kyk: God se Gees binne-in ons om ons te help om in sy weë te wandel – ‘n nuwe hart met God se wet daarop geskryf.

In vers 17 sien ons dat Abraham God geglo het wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Vergelyk dit met vers 19 wat sê dat Abraham se liggaam en Sara se moederskoot al so te sê verstorwe was. Hebreërs 11:11, 12 sê ook dat hy so te sê dood was om ‘n kind te hê.

Abraham het geglo dat God in staat was om te doen wat Hy belof het. Hy het ‘n seun vir Abraham en Sara belof en Abraham was ten volle oortuig dat God dit kón doen. Dit word gestel dat Abraham se geloof onwankelbaar was en sterker geword het. Selfs toe hy sy eie liggaam se toestand in ag geneem het – so te sê dood – asook die dooie toestand van Sara se moederskoot, het sy geloof nie verswak nie.

In Romeine 4 sê Paulus dat die geregtigheid toegereken deur die geloof, was nie net vir Abraham nie, maar vir ons ook – wat glo dat God vir Jesus uit die dode opgewek het. Die woord “dode” kom ‘n paar keer in hierdie hoofstuk voor.

Die dood is nie ‘n probleem vir God nie; Hy gee lewe aan die dode. Jesus het ter wille van ons oortredinge gesterf en is te wille van óns ongeregtigheid opgewek. Ons word saam met Hom opgewek om in ‘n nuwe lewe te kan wandel – om in geregtigheid te leef (Romeine 6:4).

Hebreërs 11:11, 12

Dit was ook deur die geloof dat Sara krag ontvang het om bevrug te word omdat sy Hom getrou geag het wat dit belof het. Sara het dus op een of ander tydstip voor haar bevrugwording met Isak geglo en dit is haar tot geregtigheid gereken.

Paulus en die skrywer van Hebreërs sê dat God lewe voortgebring het uit die dood, die verstorwe liggame van Abraham en Sara. Isak was beswaarlik die seun van die belofte; nie van die vlees nie.

Verbind dit met redding; God skep steeds lewe uit die dood. Ons is dood in ons misdade en sonde en God skenk ons lewe uit genade. Dit is ‘n pragtige beeld van redding wat ons in Genesis het. God is die ewige God wat Almagtig is; niks is onmoontlik vir Hom nie.

Galasiërs 4:21-31

Paulus handel ook oor hierdie gebeure in Genesis as hy skryf aan die gelowiges van Galasië. Die Heilige Gees inspireer Paulus om vir ons te sê dat Hagar en Sara verteenwoordig die twee verbonde: die Wet, die Ou Verbond en Redding, die Nuwe Verbond. Gebruik hierdie tyd om u studente te laat besef dat, alhoewel hierdie gebeure werklik plaasgevind het soos dit aangeteken is in Genesis, dit in 'n ander lig deur 'n Nuwe Testament-skrywer gesien word.

LET WEL: Skrif verklaar Skrif. Slegs God kan in sy Woord sekondêre betekenis aan Skrifdele toeskryf. Te dikwels raak mense meegesleur as hulle probeer om gebeure in die Ou Testament te vergeestelik. Die waarhede oor wie God is en hoe Hy omgaan met mense wat ons in dié kursus oor Abraham bestudeer het, is voorbeelde van die rykheid van die Ou Testament as dit letterlik verstaan word. U sal u studente tot versigtigheid moet vermaan.

Die konteks van Galasiërs is baie dieselfde as dié van Romeine. Hier word gehandel met diegene wat probeer om mense onder die Wet te bring. Iemand is besig om die Galatiese gelowiges te leer dat hulle die Wet moet hou om volmaak te word. Paulus sê vir hulle dat sulke lering 'n valse evangelie is.

Die volgende inligting oor allegorieë (= sinnebeelde) is tot nut vir u die leier. Dit is net vir u bedoel; u moet dit nie oordra aan u klas nie. Dit is slegs om u te help om te verstaan hoe u dié deel van die bespreking moet behartig.

Vers 24: “Dit is sinnebeelde ...” 'n Allegorie/sinnebeeld is 'n beskrywing van 'n ding met die beeld van 'n ander. Dit fokus op die versteekte of simboliese betekenis eerder as op die letterlike betekenis.

'n Allegorie is bedoel om 'n geestelike waarheid te leer deur iets met die geestelike realiteit te vergelyk.

Dit is nie nodig dat al die eienskappe van 'n allegorie geïdentifiseer word nie. Sommige eienskappe word baie keer nie geïnterpreteer nie.

'n Allegorie kan nie van sy konteks geskei word nie.

Die gevaar in die interpretasie van allegorieë is as die verbeelding vrye teuels gegee word.

Vermey gedwonge of denkbeeldige interpretasies.

Die interpretasie van hierdie allegorie word vir ons in die teks van hierdie Galasiërs-verse gegee. Daarom hoef ons nie meer interpretasies by te voeg by dit wat duidelik aangebied word nie.

Vra u klas om antwoorde te soek in hierdie gedeelte op die 5W's en H-vrae.

Abraham het twee seuns gehad; een uit die slavin Hagar en een uit die vry vrou Sara.

Die seun uit die slavin is gebore na die vlees. Dit was Sarai se idee dat Hagar aan Abram gegee moes word om 'n erfgenaam te verwek. Hierdie was beslis 'n daad van die vlees – beplan deur die vlees en tot stand gebring deur die vlees.

Die seun van die vry vrou is gebore deur die belofte. Verbind dit met wat reeds bespreek is na aanleiding van Romeine 4 en Hebreërs 11. Dit is slegs deur God se toedoen dat Isak gebore is.

In hierdie allegorie verteenwoordig die twee vroue verbonde. Die een van die berg Sinai afkomstig, verteenwoordig die Ou Verbond van die Wet. Hagar verteenwoordig die Wet en haar kinders is slawe in slawerny van die Wet. Dit is hulle wat leer of glo dat die geregtigheid word alleen verkry as die Wet onderhou word deur die werke van die vlees.

U kan u klas vra of hulle van hedendaagse voorbeelde weet.

Mense is vandag slawe van wettiese stelsels van “Moets en Moenies.” Sommige gelowiges dink, en word selfs geleer, dat hulle ter wille van heiligheid of geregtigheid ‘n sekere lys van dinge moet doen wat deur mense uitgedink is. Die dinge kan wees: gereelde kerkbesoek, die dra of nie dra van sekere klere, haarstyle – uiterlike dinge wat van geen waarde vir die vlees is nie. Die wegbly van sekere plekke en die nie-doen van sekere dinge kan deel wees van ‘n wettiese standaard wat mense slegs in slawerny sit.

Vers 25 sê dat dit ooreenstem met dié teenswoordige Jerusalem wat saam met haar kinders in slawerny is. Ten tye van Paulus se skrywe aan die Galasiërs was daar baie wettisisme in Jerusalem en Judaïsme op ander plekke.

Die seun van die slavin sal nie saam met die seun van die vrye erf nie. Verbind dit met Galasiërs 3, Les 2. Redding is nie deur die hou van die Wet nie; die Wet is gegee as tugmeester na Christus toe. Die Wet is God se standaard van geregtigheid, maar die mens kan dit nie hou deur die werke van die vlees nie.

Galasiërs bevat ‘n interessante stelling. Net soos Ismael Isak vervolg het – Genesis sê dat hy gespot het – net so vervolg hulle nou wat die hou, hulle wat uit die Gees gebore is.

Sara, die vry vrou, verteenwoordig die Nuwe Verbond van redding. Haar kinders is vry – Jerusalem daarbo, ‘n verwysing na die Nuwe Testament, die Bruid van Christus, wat ook die Kerk is. Ons is haat kinders, gebore uit die Gees; ons is soos Isak, kinders van die belofte.

Wat beteken dit dan dat ons die slavin en haar seun moet uitwerp?

Ons moet die slavin en haar seun uitwerp deur ontslae te raak van wettisisme; deur nie gebind te wees om ‘n klomp reëls te hou nie; deur nie ‘n lewe van slawerny te leef nie – deur vrygemaak te wees deur die Gees. As mens die waarheid ken, sal die waarheid hom vry maak.

Glo die beloftes van God – leef deur die geloof. Geregtigheid kom deur die geloof; nie deur werke nie. Selfs reeds van Abraham se tyd af is geregtigheid deur die geloof. Dit is steeds die enigste weg na redding.

Die resultaat van redding, die inwoning van die Heilige Gees, is geregtigheid, want God se wet is op ons harte geskryf. Dit is geregtigheid wat kom deur die geloof.

As ons leef deur die Gees, werp ons die slavin en haar seun uit.

U kan u bespreking afsluit met 'n kort oorsig van die hoofpunte en u studente help om dit weer te deurdink hoe dit verbind kan word met hulle.

Ware redding is deur die geloof; nie deur werke nie.

Kennis van die waarheid van Godswoord en om daarooreenkomstig te leef maak mense vry.

WERP DIE SLAVIN EN HAAR SEUN UIT		
Die weergawe in Genesis	Die Verduideliking in Romeine en Hebreërs	Die simboliek in Galasiërs
<p>God belooft Hagar 'n groot nageslag</p> <p>Ismael: nie die seun van die verbond nie sal 'n groot nasie word woon in die woestyn</p> <p>Sara word gehaal maar nie aangeraak deur Abimeleg nie</p> <p>God besoek Sara en doen soos Hy belooft het</p> <p>Isak is gebore <i>toe Abraham 100 jaar en Sara 90 jaar was</i> <i>- op God se bepaalde tyd</i></p> <p><i>Na Isak se geboorte word Hagar en Ismael weggejaag</i></p> <p>Ismael erf nie saam met Isak nie</p>	<p>Romeine: God se belofte: Deur die geregtigheid van die geloof vir almal met dieselfde geloof van Abraham.</p> <p>Abraham: glo God wat die dode lewend maak die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan nie verswak in die geloof nie ten volle oortuig dat God die mag het om te doen wat Hy belooft het</p> <p>Abraham se liggaam was so te sê dood (Verstorwe) Sara se moederskoot was so te sê dood (Verstorwe)</p> <p>Hebreërs: Sara, deur die geloof ontvang krag om bevrug te word ag God getrou wat Hy belooft het</p>	<p>Slavin Hagar: berg Sinai verteenwoordig Jerusalem, Ou Verbond, Wet</p> <p>Seun = na die vlees, nie 'n erfgenaam nie</p> <p>Kinders = slawe</p> <p>Vry vrou Sara Jerusalem daarbo Nuwe Verbond</p> <p>Seun = deur die belofte na die Gees</p> <p>Werp die slavin en haar seun uit</p> <p>Ons is kinders van die belofte ... vrye</p>

GENESIS, DEEL 3

LEIERGIDS

LES 6

“Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak ... en offer hom daar as brandoffer ...” Hierdie les begin met die uiterste geloofstoets: God sê aan Abraham om sy seun van die belofte, Isak, te offer. Dan vervolg die les oor Abraham se lewe en eindig met die dood van Abraham nadat hy alles van hom aan sy seun Isak bemaak het. Hierdie bespreking is die geleentheid om die verhaal van Abraham se geloof tot 'n slotsom te bring en te bespreek hoe dit vandag op ons van toepassing is. Wat kan ons **HERE** van ons verwag? Is ons werklik manne en vroue van die geloof?

Die mees logiese orde vir hierdie bespreking is waarskynlik om hierdie hoofstuk vir hoofstuk van Genesis 22 tot Genesis 25:18 (behalwe hoofstuk 24) aan te pak. Daar is 'n tabel aan die einde van die lesgid. 'n Kaart en 'n stamboom kan ook goeie visuele hulpmiddels vir dié les wees.

Bespreek 'n hoofstuk op 'n slag. Vra u studente wat die hoofgebeure is en skryf dit boaan die kolom vir daardie hoofstuk. Gaan dan aan om die hoofstuk te bespreek en lys slegs die hoofpunte. Weerhou u daarvan om lesings te gee. Verkry eerder die inligting van u studente. Onderrig met vrae!

Genesis 22

Hierdie hoofstuk begin met die tyd van die gebeure. “Na hierdie dinge” gee u die geleentheid vir 'n baie beknopte oorsig van die hoofgebeure in Abraham se lewe vanaf Genesis 11 tot 21. Of u kan gedurende u bespreking 'n oorsig hê wanneer die teks in hierdie hoofstukke dit ook al toelaat. Moenie hier tyd verspil nie. As u 'n oorsig maak, vra u studente uit oor net die hoofgebeure.

Wat hoofstuk 22 betref, vra u klas vrae om die verloop van die gebeure te bepaal. Help u studente om hierdie dinge te koppel aan hul eie lewens sodat hulle kan verstaan dat hul geloof nie anders is as Abraham se geloof nie. God toets nog steeds sy kinders en ons moet nie verbaas wees oor sy handelwyses nie in ons lewens of sy vereistes vir ons nie. Maak seker dat hulle die pragtige prent van God se offer sien wat in die gebeure van hierdie hoofstuk geskilder word.

God toets Abraham deur vir hom te sê om sy enigste seun, Isak wat hy liefhet, te gaan offer op een van die berge in die land, Moria. Hierdie plek lê in Jerusalem en is die noordoostelike heuwel waarop Salomo die tempel gebou het (2 Kronieke 3:1). Let op die woorde “jou seun, jou enigste.”

Ons weet dat Ismael ook Abraham se seun was, maar God het dit duidelik in Genesis 17:18-19 gestel dat dit slegs met Isak is met wie Hy sy verbond oprig. Slegs Isak was die seun van die belofte.

Abraham gehoorsaam God en gaan na die plek waarvoor God met hom gepraat het. Net soos Abraham op aandrang van God Ur verlaat het, so het Abraham nie gehuiwer om te gehoorsaam nie. Wat van ons? Gehoorsaam ons God onmiddellik?

Op die derde dag los Abraham sy dienaars by die esel en sê: “Ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom.” Dit is die eerste keer dat die woord “aanbid” in die Skrif gebruik word. Dit is die aanbid deur offer, gehoorsaamheid en geloof – ‘n nederige neerbuig voor die ewige God. Abraham het verstaan dat aanbid nie net ‘n fisiese neerbuig voor die ewige God is nie. Dit behels ‘n neerbuig van ons harte en lewensin gehoorsaamheid en offer aan Hom. In Genesis 22:1 en in Hebreërs 11:17, toe God Abraham opdrag gee om Isak te offer, noem God dit op die proef stel. Abraham noem dit aanbid.

Abraham sê: “Ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid.” Hy het gewet dat beide hy en Isak sou na die dienaars terugkeer, want God het beloof dat Hy sy verbond met Isak en sy nageslag sou sluit.

Gebruik kruisverwysings waar dit ookal verband het met die teks. Hebreërs 11 gee enkele nuttige insigte oor hierdie deel van die weergawe. U kan u groep vra om mee te deel wat hulle geleer het uit hierdie gedeelte oor Abraham wat Isak geoffer het.

Verse 17-19 sê vir ons dat Abraham Isak geoffer het: “... hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, so te spreek, terug ontvang.” Abraham se geloof word duidelik getoon in Genesis 22:5 toe hy gesê het dat beide hy én Isak sou aanbid en terugkom. Slegs Abraham het gewet wat God hom beveel het om te doen. As God verwag het dat Abraham Isak moes doodmaak, dan sou God Isak uit die dood moes opwek. Abraham het geleer dat God sy beloftes hou en Isak was die seun van die belofte deur wie die Saad sou kom.

Hebreërs 11:19 sê dat Abraham Isak “*om so te spreek*” uit die dood “terug ontvang (het).” Hierdie gebeure is ‘n beeld van God se verbasende offer van sy enigste seun. Bespreek die ooreenkomste: Vader offer sy enigste Seun wat hy liefhet as ‘n offerande en ontvang Hom terug uit die dood. Die Seun is ‘n gewillige deelnemer (Johannes 3:16, 17).

Dit is ook die eerste keer dat die woorde “liefde,” in die Bybel gebruik word – die liefde van ‘n vader vir sy enigste seun.

In die teks sien ons dat Isak nie ‘n klein kindjie was toe dit plaasgevind het nie. Hy was oud genoeg om die hout te dra – genoeg hout vir ‘n brandoffer. Hy word ‘n seun genoem. Dit is dieselfde woord wat gebruik word vir Ismael in die vorige hoofstuk toe hy omtrent 16 jaar oud was. Abraham kon dus alleenlik Isak op daardie ouderdom op die altaar kry as Isak gewillig was om sy vader te gehoorsaam. Hy het klaarblyklik die wonderlike verslag van sy geboorte van sy ouers gehoor en het dus gewet dat dit deur hóm was dat God sy verbond sou sluit.

Terwyl Abraham en Isak na die offerplek loop, vra Isak: “Waar is die lam vir ‘n brandoffer?” Abraham antwoord: “God sal vir Homself die lam ... voorsien.” “Voorsien” beteken letterlik : *sien* (*New American Standard Bible*, kantaantekening). God sal self die lam “sien.” Wat ‘n pragtige beeld van God se offer vir ons redding. “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Johannes 1:29)

Net toe Abraham die mes neem om sy seun te slag, stop die Engel van die HERE hom om nie Isak te beseer nie. God se toets was klaar. Abraham gehoorsaam en wys dat hy God meer vrees as enigiemand anders. Hy het nie sy enigste seun van God teruggehou nie. Let egter daarop dat God hom nie met so-iets getoets het aan die begin van sy wandel nie in die geloof nie. God het gewag totdat Abraham meer geweet het van wie God is – totdat hy in sy geloof gegroei het.

As 'n brandoffer voorsien God 'n ram wat vassit in die bos. Abraham noem dié plek: Die HERE sal voorsien (YHWH of Jehovah-Jireh). Dit word ook genoem: Die Berg van die HERE. Hier sien ons God as ons Almagtige Voorsiener. “Hy wat selfs se eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?” (Romeine 8:32)

Hier is gulde geleentheid om u studente toe te laat om te vertel van God wat ons Jehovah-Jireh, God ons Voorsiener, is en van die manier waarop God hulle getoets het. Was hulle getrou om die toets te slaag? God toets ons geloof deur toetse en beproewinge. (Moenie u tyd hier verspil nie, want daar is nog baie oor van die oorblywende hoofstukke in Genesis om te bespreek.

U kan ook die klas 'n kans gee om die ander name of eienskappe van God wat ons in Genesis teengekom, te noem:

14:18-20 - God, die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde.

15:2 - Here (Adonai) HERE.

16:11 - Ismael beteken: God hoor

16:13 - Elroi, die God wat sien.

17:1 - God, die Almagtige (El Shaddai)

18:25 - Regter van die hele aarde wat regverdig is.

20:17, 18 - Open en sluit moederskote.

21:33 - Die ewige God

Dit is nie nodig om dit alles te dek nie. Laat die klas toe om op te neem wat hulle onthou.

Ons vertrou God al hoe meer soos ons groei in ons kennis van wie Hy is en, soos Abraham, hierdie waarhede in ons lewens uitleef. Net soos Abraham se geloof gegroei het soos hy meer geleer het wie God is, so sal ons geloof vermeerder. Moedig u studente aan om aan te hou om sy Woord te bestudeer, omdat Hy Hom dáárin openbaar het. “Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die woord van God.” (Romeine 10:17). U kan hulle vra of hulle sterk in hul geloof wil wees. Wat moet ons doen om ons geloof te versterk?

In Genesis 22:15-18 herbevestig God sommige van die beloftes wat Hy reeds aan Abraham gemaak het. Watter element word hier bygevoeg?

“... omdat jy dit gedoen het ... omdat jy na my stem geluister het ...”

Verbind dit met Genesis 17:1 en 18:17-19. In Genesis 22:18 word “geluister” gebruik. Is dit nie 'n interessante konteks nie? Volgens *The Complete Word Study Old Testament* (Zodhiates) is die transkripsie *shama* en beteken “om te hoor; om te hoor met aandag of gehoorsaamheid, om onverdeelde, luisterende aandag te gee.” Gee ons onverdeelde, luisterende aandag aan God? Hoor ons met gehoorsaamheid soos Abraham gedoen het?

Abraham en Isak keer terug na Berséba waar hulle sedert hoofstuk 21 woon.

Verse 20-24 is die stamboom van Abraham se broer Nahor wat met hul broerskind Milka getrou het. Milka was ook Lot se suster en die dogter van Haran, Abraham en Nahor se broer wat in Ur gesterf het. Nahor het ook 'n byvrou gehad, Reüma, wat ook vir hom kinders gebaar het. As u tyd het, kan dit u groep help as hulle hierdie in die vorm van 'n stamboom sien. U kan dit op die bord skryf of 'n transparant vir u truprojektor voorberei voordat u hierdie bespreking begin.

Die stelling in vers 20: “...hulle (het) aan Abraham berig gebring ...” is interessant. Iemand het kennis gehad van die familie wat Abraham in Mesopotamië agter gelaat het. Die belangrikste mense wat hier genoem word, is Nahor, Bétuel en Rebekka – almal wat die verhoog voorberei vir sommige van die gebeurtenisse wat later in Genesis aangeteken is.

Genesis 23

Hierdie hoofstuk begin met 'n aanduiding van tyd. Sara was 127 jaar oud toe sy gesterf het. Dit beteken Abraham was 137 jaar oud op daardie tydstip. Hy was 75 jaar oud toe hy na die land Kanaän gekom het. Sara se dood het dus 62 jaar na hul aankoms in Kanaän plaasgevind. Isak is gebore toe Abraham 100 jaar oud was en was dus 37 toe Sara gesterf het. Let op die plekverandering in hierdie hoofstuk. Sara sterf in Hebron.

Vra u studente wat hulle geleer het uit hierdie hoofstuk. Wat is die hoofgebeure, -feite of -stellings? Maak seker dat u u tyd dophou as u hierdie hoofstuk bespreek.

Abraham roubekla en beweën Sara, sy vrou van so baie jare en die moeder van sy seun van die verbond. Hy beplan om haar in Hebron te begrawe en praat met die seuns van Het om 'n stuk grond daar te koop. Hy verwys na homself as 'n “vreemdeling en bywoner,” onder die mense daar. Nadat hy 62 jaar lank in die land gewoon het, waarom sy hy hierdie stelling maak? Hebreërs 11:13-16 werp lig hierop vir ons. In hierdie verse word dit gestel dat Abraham en Sara vreemdelinge en bywoners op aarde was wat 'n eie vaderland soek. Hulle het na 'n beter vaderland, 'n hemelse een, verlang.

U kan u studente vra hoe hulle gedurende húl tyd op aarde leef. Besef hulle dat ook hulle 'n hemelse vaderland het en dat hulle net vreemdelinge hier is? Kyk hulle na hul omstandighede met 'n ewige perspektief?

Daar is nog iets (sien Hebreërs 11:15) wat hulle daaraan herinner het dat hulle nie van Kanaän was nie, maar dat hulle van 'n ander land gekom het. Uit

Genesis 11 weet u dat hulle Kanaän toe getrek het vanuit Ur van die Chaldeërs in Mesopotamië.

Vir 400 sikkels silwer koop Abraham die grot en die stuk van Magpéla wat oos van Mamre lê. Vers 23 van Genesis 33 stel dit dat die stuk grond en die grot as eiendom aan Abraham oorgedra is. Daar het hy Sara, en later is hy daar begrawe, sowel as Isak, Rebekka, Lea en Jakob.

As u dink dit sal help en u het die tyd, kon u op 'n kaart die plekke van die gebeure in Genesis 22 en 23 wys. Dit sal veral nuttig wees as die kaart ook die moderne plekname insluit.

Genesis 25:1-18

Daar is sekere interessante feite in hierdie verse wat die verhaal van Abraham afsluit. Gebruik dit as 'n aanmoediging vir u studente om aan te gaan met die Precept Genesis-kursus. 'n Goeie opvolgkursus van hierdie een is "Worstel met God," 'n studie van 4 lesse oor Isak, Jakob en Esau.

Genesis 25:1 sê dat Abraham weer 'n vrou, Ketúra, geneem het. U kan 'n stamboom gebruik om die inligting wat in hierdie verse ingesluit is, te bespreek.

Abraham het 6 seuns by Ketúra gehad. Die naam van een van die seuns, Mídián, klink bekend. Moses het 'n tyd lank in Mídián gebly. Sy skoonpa, Jetro, en sy vrou, Sippóra, kom van die land Mídián (Exodus 2:15, 21; 3:1). Ook die Israëliete was 7 jaar lank onderhorig aan die Mídiániete. God het deur Gídeon die Mídiániete oorwin (Rigters 6, 7).

Abraham het aan Isak alles gegee wat hy besit het. Terwyl hy nog geleef het, het Abraham geskenke aan die seuns van sy byvroue, Ketúra en blykbaar Hagar, gegee en hulle van Isak af laat wegtrek.

LET WEL: *The Expository Dictionary of Bible Words* (Richards) omskryf 'n byvrou as 'n "vrou wat getroud is, maar wat minder regte as die hoofvrou het."

Toe Abraham op die ouderdom van 175 jaar sterf, het Isak en Ismael hom begrawe in die grot van Magpela waar Abraham Sara begrawe het en wat hy van Efron die Hetiet gekoop het. Abraham het Sara met 38 jaar oorleef. Isak, die seun van die belofte, was 75 toe sy vader oorlede is. Ismael was ongeveer 89 toe Abraham gesterf het.

Toe Abraham gesterf het, was Isak al 35 jaar getroud met Rebekka. Genesis 25:20 sê dat, toe hulle getroud is, was Isak 40 jaar oud.

Vers 12-17 gee die stamboom van Ismael.

Ismael het 12 seuns of vorste gehad. Verbind dit met die belofte wat God aan Abraham in Genesis 17:20 gegee het. Hierdie seuns het gewoon van Háwila tot by Sur, oos van Egipte, in die rigting van Assur (Assirië). Dit sal goed wees om die area op u kaart te wys.

Ismael het 137 jaar oud geword, wat beteken dat hy sy vader Abraham net 48 jaar oorleef het. In vers 18 word gesê dat Ismael hom teenoor (letterlik: *val oor teenaan*, NASB kantaantekening) al sy broers gevestig het. Verbind dit met God se profesie oor hom wat vir sy moeder Hagar in Genesis 16:11, 12 gegee is.

Die weergawe van Abraham se lewe is die weergawe van 'n lewe van geloof, van geloof in God se beloftes; van navolging van God; van groei in die geloof, selfs deur foute heen; van leer wie God is; van staat maak op God se karakter; van aanroep van sy Naam. Hebreërs 11:8, 9 sê dat dit deur geloof was dat “Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek (het) na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang.” Dit was “deur die geloof (dat) hy as vreemdeling gaan woon (het) in die land van die belofte.” Alle gelowiges word geroep tot 'n lewe van gehoorsaamheid in die geloof.

Hoe is Abraham onthou deur sy nageslag? Ondervra u studente oor die kruisverwysings wat hulle bestudeer het.

In sy gebed, volgens 2 Kronieke 20, herinner koning Jósafat van Juda God aan sy belofte om die land Israel aan Abraham se nageslag vir altyd te gee. Hy verwys na Abraham as “u vriend.”

In Jesaja 41:8 noem God Abraham sy vriend.

Volgens Jakobus 2:23 het Abraham God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken en hy is 'n vriend van God genoem.

U kan u studente vra hoe hulle deur hul nageslag onthou wil word. Wil hulle onthou word vir hul lewe van gehoorsaamheid in die geloof? Sal hulle 'n vriend van God genoem wil word?

Aan die einde van u bespreking kan u die groep vra wat het vir hulle die meeste beteken gedurende die studie van die lewe van Abraham en hoe het God die studie in hul lewens gebruik. U kan hulle vra wat het hulle geleer omtrent die Býbelse geloof.

Maak seker dat u hulle aanmoedig om aan te gaan met hierdie studie – om aanhoudend toe te laat dat die Woord ryklik in hulle woon sodat hulle kan groei ten opsigte van hul redding.

Genesis 22	Genesis 23	Genesis 25:1-18
Abraham offer Isak Die Here voorsien die brandoffer	Sara sterf Begrawe in Hebron	Abraham se seuns by Kétura Abraham sterf Ismael se seuns
<p>God beproef Abraham</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ jou enigste seun ▪ wat jy liefhet ▪ die land Moria ▪ offer hom op een van die berge <p>Abraham gaan</p> <p>Op die derde dag</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Abraham sê: hy en die seun wil aanbid en terugkom <p>God sal vir Homself die brandoffer voorsien</p> <p>Jou enigste seun nie teruggehou nie</p> <p>Die plek genoem:</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ die HERE sal voorsien ▪ die berg van die HERE <p>God herbevestig beloftes omdat Abraham gehoorsaam het</p>	<p>Sara</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ 127 jaar oud ▪ sterf in Hebron <p>Abraham</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ roubekla en beweën haar ▪ koop stuk grond en spelonk van Magpéla ▪ begrawe haar 	<p>Abraham</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ trou met Kétura ▪ het nog 6 seuns ▪ gee alles vir Isak ▪ laat ander seuns na Ooste wegtrek weg van Isak af ▪ sterf op 175 ▪ begrawe by Sara deur Isak en Ismael <p>Ismael</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ het 12 seuns, vorste ▪ sterf op 137 <p>Sy seuns woon oos van Egipte van Hávila tot Sur.</p>